Funda Wande
Reading for Meaning

1–3

# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

Metodiekgids




3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 1 2023/11/22 12:22

**Erkennings**

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

**Foto-erkennings**

**Funda Wande Media-span:** alle foto's geneem in skole en klaskamers; alle ander miniatuurbladsye uit die Leerderaktiwiteitsboek met vergunning van **Freepik**.

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-998960-77-4

Version 1: 2024

Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:
*Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Metodiekgids, Graad 1–3, CC BY 4.0.*

Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.

Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/

# Inhoud

**Oorsig** ........ iv
**Die Funda Wande-benadering** ........ 1
**Raamwerk van die Funda Wande-program** ........ 2
**Onderrig Huistaal Geletterdheid** ........ 4
Luister en Praat ........ 4
Hardoplees ........ 6
Klanke ........ 8
Gedeelde Lees ........ 14
Woordeskat ........ 18
Taal en sinsbou ........ 19
Begriplees ........ 22
Groepbegeleide Lees ........ 24
Onafhanklike Werk ........ 28
Handskrif ........ 31
Skryf ........ 38
**Onderrig Lewensvaardigheid** ........ 42
Aanvangskennis (AK) ........ 42
Persoonlike en Sosiale verantwoordelikheid en Welstand (PSW) ........ 43
Visuele Kunste ........ 47
Uitvoerende Kunste ........ 49
Liggaamsopvoeding ........ 51
**Prentekaarte** ........ 53



# Oorsig

In die Funda Wande-program vir die Grondslagfase is daar 'n **Onderwysersgids** (OG) vir elke kwartaal. Dit is 'n dag-tot-dag-hulpbron vir besige onderwysers om te help met beplanning, volgorde en assessering.

Die OG skep 'n raamwerk vir die inhoud van elke les – wat om te onderrig en in watter volgorde. 'n Weeklikse rooster en kwartaalprogram word verskaf. Aan die agterkant van elke OG word voorgestelde **assesseringsaktiwiteite** vir die kwartaal ingesluit. Die lesse en assesseringsaktiwiteite dek en is gebaseer op die KABV.

Hierdie **Metodiekgids** (MG) is 'n algemene hulpbron vir alle Grondslagfaseonderwysers wat die Funda Wande-Geletterdheidsmateriaal vir Graad 1–3 gebruik. Dit gee riglyne vir, en verduidelik hoe om elke tipe les in die Funda Wande-program te onderrig. Dit kan aan die begin van elke jaar tydens opleiding en beplanning gebruik word, asook elke keer wat jy wil kontroleer of jy die stappe van 'n les reg volg en die les optimaal benut. Waar die OG verduidelik **wat om** elke kwartaal **te onderrig,** en 'n dag-tot-dag verwysing vir onderwysers bied, verduidelik die MG **hoe om** elke tipe les in die program **te onderrig**.

Vir elke tipe les verduidelik die MG die volgende:

1. Die **doel** van die soort les, met ander woorde, hoekom ons die lesse onderrig.
2. **Vordering** oor drie jaar:

   ➤ **Graad 1** ➤ **Graad 2** ➤ **Graad 3**

3. **Metodiek:** *stap-vir-stap*-aanwysings oor hoe om die les te onderrig.
4. **Differensiasie:** hoe om leerders op verskillende vlakke te hanteer.
5. **Assessering:**
   - **Informele assessering:** hoe om leerders se dag-tot-dag-vordering te assesseer.
   - **Formele assessering:** hoe om elke kwartaal formeel te assesseer.

Meer inligting oor lees en hoe om te leer lees, is beskikbaar in die **Funda Wande Reading Academy**-boekies by www.fundawande.org of met hierdie QR-kode:












3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 4 2023/11/22 12:22

# Die Funda Wande-benadering

## Taal: BIKV tot KATV

Teen die tyd dat leerders skool toe gaan, het hulle reeds alledaagse kommunikasievaardighede in hul huistaal ontwikkel, soms die *Basiese Interaktiewe Kommunikasievaardighede* (BIKV) genoem. Die FW-program ontwikkel hierdie vaardighede verder, maar, belangriker, dit ontwikkel ook leerders se vermoë om te lees en te skryf vir inligting en genot. Om hiertoe in staat te wees word *Kognitiewe Akademiese Taalvaardighede* (KATV) ontwikkel. Om KATV te hê gee leerders die beste kans om in Graad 4 en vir verdere leer sukses te behaal. Hierdie deurslaggewende vaardighede word binne betekenisvolle kontekste in die huistaal aangeleer en kan dan na ander tale oorgedra word.

## Lewensvaardigheid: grondliggende kennis en vaardighede

Die FW-program glo dat Lewensvaardigheid (LV) leerders ook op die volgende maniere voorberei vir verdere leer:

- **Aanvangskennis (AK):** FW verskaf die grondliggende algemene kennis, konsepte en woordeskat wat Sosiale Wetenskap- en Natuurwetenskapvakke in hoër grade ondersteun. Die program ontwikkel ook leerders se nuuskierigheid en begrip van konsepte soos ondersoek, vergelyk, eksperimenteer en klassifiseer, wat noodsaaklik is in hoër onderwys.
- **Skeppende Kunste (SK):** FW help leerders om hul kreatiewe en estetiese vaardighede en kennis te ontwikkel, asook om tegnologiese prosesvaardighede soos ontwerp en maak aan te leer.
- **Liggaamsopvoeding (LO):** FW glo dat leerders hul fisieke vaardighede en ratsheid moet ontwikkel om te verseker dat hulle gesond en beweeglik is.

## Integrering van Geletterdheid en Lewensvaardigheid

Die FW-program integreer Huistaal Geletterdheid en Lewensvaardigheid, en dek die kurrikulum in altwee vakke. Dit word gedoen deur die algemene temas en geïntegreerde lesplanne. Hierdie integrasie:

- verbeter en gee diepte aan altwee vakke
- verseker dat alle taalvaardighede in die betekenisvolle konteks van 'n relevante Lewensvaardigheidsonderwerp aangeleer word
- verdiep terselfdertyd inhoud- en konsepkennis in Lewensvaardigheid deur praat-, lees- en skryfaktiwiteite oor die onderwerp te verskaf
- versterk sleutelwoordeskat oor altwee vakke heen
- moedig die verkryging van algemene kennis aan, wat betekenis en lees vir begrip versterk.



## Optimale leertoestande

Ons materiaal en opleiding is gebaseer op die aanname dat leerders die beste leer wanneer:

- aktiwiteite en materiaal stimulerend, interessant en speels is
- onderrig en leer sistematies en progressief is
- onderrig in 'n weeklikse roetine veranker is
- onderwysers doelgerigte lesplanne volg
- daar elke dag geleenthede vir lees- en skryfoefening is
- ondersteuning en terugvoering deurlopend verskaf word
- formele assessering regverdig is en slegs op reeds aangeleerde materiaal toegepas word.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 1 2023/11/22 12:22

# Raamwerk van die Funda Wande-program

| GELETTERDHEID | | |
|---|---|---|
| **Lesse** | **Kennis en vaardighede** | **Skakels na Lewensvaardigheid** |
| **Mondelinge vaardighede** | | |
| **Oggendbyeenkoms** | Oggendroetines, nuusvertellings | PSW |
| **Luister en Praat** | Praat- en aanbiedingsvaardighede<br>Luister met begripsvaardighede | Aanvangskennis<br>Uitvoerende Kunste |
| **Hardoplees deur onderwyser** | Luister met begrip<br>Ontwikkel 'n uitgebreide mondelinge woordeskat<br>Demonstreer goeie, uitdrukkingsvolle lees | Hardopleestekste sluit by die AK-onderwerpe aan |
| **Lees- en skryfvaardighede** | | |
| **Klanke** | Fonologiese bewustheid (klanke in woorde)<br>Letterherkenning wat uitdruklik en sistematies onderrig is<br>Samevoeging en segmentering van woorde<br>Dekoderingsvaardighede<br>Spelvaardighede | |
| **Gedeelde Lees (GL): Lees saam** | Lees vir begripsvaardighede<br>Dekodering in konteks | Tekste sluit by die AK-onderwerpe aan |
| **Woordeskat** | Uitgebreide leeswoordeskat*<br>Woordherkenning<br>Spelling* | Sluit woordeskat van Lewensvaardigheid in |
| **Taal** | Korrekte taalstrukture om skryfvaardighede te verbeter* | |
| **Begrip** | Beantwoord begripsvrae skriftelik* | Versterk prossessering- en ondersoekvaardighede |
| **Groepbegeleide Lees** | Lei die vordering van klank- en leesvaardighede<br>Oefen lees en skryf | |
| **Onafhanklike Werk (Graad 1 en Graad 2)**<br>**Lees in pare (Graad 2)**<br>**Onafhanklike Lees (Graad 3)** | Oefen lees en skryf | Aktiwiteite versterk Geletterdheid en Lewensvaardigheid |
| **Handskrif** | Drukskrif<br>Lopende skrif (Graad 3) | |
| **Skryf:**<br>**Gedeelde Skryf**<br>**Onafhanklike Skryf** | Skryf sinne en paragrawe<br>Skryf in verskillende genres<br>Skeppende skryfwerk<br>Korrekte taal en spelling<br>Redigeringsvaardighede (skryfproses) | Sluit by die AK-onderwerpe aan |

* Word by Skryfaktiwiteite ingesluit



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 2 2023/11/22 12:22

| LEWENSVAARDIGHEID | | |
|---|---|---|
| **Lesse** | **Kennis en vaardighede** | **Skakels na Geletterdheid** |
| **Aanvangskennis (AK)** | | |
| **Lees om te leer** | Basiese algemene kennis om die leer van Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis en Aardrykskunde), Natuurwetenskappe en Tegnologie te ondersteun | Lees vir inligting |
| | Blootstelling aan verskillende tipes niefiksietekste, byvoorbeeld: beskrywings, eskperimente | Begripsvaardighede |
| | Waarnemings-, vergelyking- en klassifiseringsvaardighede gelei deur vrae | Woordeskatontwikkeling |
| **KWL** | Wetenskaplike prosesvaardighede, byvoorbeeld: ondersoek en navorsing | Lees vir inligting<br>Skryfvaardighede |
| ***Vind uit*-bladsy (Graad 2)** | Wetenskaplike prosesvaardighede, ondersoek en navorsing | |
| **AK-aktiwiteit** | Prosesvaardighede, byvoorbeeld: eksperimenteer, ondersoek en evalueer | Praat-, luister-, leesbegrip- en skryfvaardighede |
| | Klassifisering- en vergelykingsvaardighede | |
| | Opbou van nuwe kennis | |
| **Persoonlike en Sosiale Welstand (PSW)** | | |
| **(Geïntegreer met AK- en mondelinglesse)** | Emosionele en sosiale groei | Skakel met onderwerp/tema |
| | Persoonlike veiligheid | Praat en Luister |
| | Selfkennis, persoonlike welstand | |
| **Skeppende Kunste** | | |
| **Kunsgalery (Graad 3)** | Kunswaardering | Skakel met onderwerp/tema |
| **Visuele Kunste** | Perseptuele en fynmotoriese vaardighede | |
| | Begrip van lyn, vorm, kleur en tekstuur | |
| | Ontwerp-, konstruksie- en tegnologiese prosesse | |
| **Uitvoerende Kunste** | Dans-, sang-, toneelspel- en uitvoeringstegnieke | Skakel met onderwerp/tema |
| | Selfvertroue en aanbiedingsvaardighede | Praat en Luister |
| **Liggaamsopvoeding** | | |
| **LO-groepe** | Groot- en fynmotoriese vaardighede | Luister |
| | Fisieke vaardighede soos koördinasie, ritme, lateraliteit, balans en sportvaardighede | |



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 3 2023/11/22 12:22

# Onderrig Huistaal Geletterdheid

## LUISTER EN PRAAT



### Doel

Goeie gesproke taal is die beginpunt vir geletterdheid. Mondelinge vaardighede is noodsaaklik vir leerders se sosiale en emosionele groei. Tydens Luister- en Praatlesse sal leerders:

- luister- en praatvaardighede ontwikkel
- woordeskat en agtergrondkennis ontwikkel.

### Vordering

➤ **Graad 1** Op Dinsdae, Woensdae en Donderdae is daar 'n Oggendbyeenkoms vir register, kalender, weer, en die vier van verjaarsdae. Op Maandae en Vrydae vertel leerders hul nuus.

In addisionele Luister- en Praatlesse, drie keer per week, luister leerders na 'n hardopleesstorie (voorlesing deur onderwyser), en doen 'n verskeidenheid ander aktiwiteite, soos om na eenvoudige rympies en gedigte te luister en dit te resiteer, bekende stories oor te vertel, en oor persoonlike ervaringe te praat.

➤ **Graad 2** Luister- en Praatlesse word op Maandae vir 'n hardopleesstorie (voorlesing deur onderwyser) gebruik, en op Donderdae vir gedigte en liedjies. Ander mondelinge lesse word met Lewensvaardigheid geïntegreer om leerders te help om oor hul gevoelens te praat (PSW) en om oplettendheid en selfkennis (PSW) aan te moedig. Op Dinsdae is daar 'n *Oplettende ek*-les, en op Woensdae is daar 'n *Ek dink, ek voel …*-les. Op Vrydae hersien leerders wat hulle in die *Vind uit*-uitdaging ontdek het.

➤ **Graad 3** Nuus, sowel persoonlik as algemeen, word op Maandae bespreek. Op Vrydae word die week se leer hersien en doelwitte vir die volgende week gestel. Lesse op Dinsdae, Woensdae en Donderdae spreek spesifieke luister- en praatvaardighede aan, byvoorbeeld: onderhoude, voordrag van gedigte, gee van 'n opinie, nuus in verskillende media, rolspel, toneelstuklees, ens. Daar word van leerders verwag om klasaanbiedings, in sowel groepe as individueel, te doen en 'n rol in 'n toneelstuk te speel.

### Metodiek

Party mondelinglesse is gebaseer op **daaglikse roetines** en ander lesse ontwikkel **spesifieke mondelinge vaardighede** wat by die kurrikulum aansluit. Ideaal gesproke, veral met daaglikse roetines, sit die kinders op die mat.

#### *Oggendbyeenkoms/daaglikse roetines (15 min.)*

***Hoekom?*** *Stel die dag se aktiwiteite bekend en ontwikkel woordeskat.*

- **Register:** Gebruik 'n registerplakkaat of jou skoolregister. Roep leerders se name uit en versterk klankkennis sowel as getalbegrip.
- **Kalender:** Gebruik 'n kalender. Bespreek die jaar, maand en dag, sowel as die datum.
- **Weer:** Deel en teken weerwaarnemings op die klaskamerweerkaart aan.
- **Nuus:** Gebruik *dink-pare-deel-metodiek* en die *My nuus*-raam op die agterblad van die LAB (**Graad 1** en **Graad 2**).



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 4 2023/11/22 12:22

- **Vandag:** Verduidelik indien daar vandag enige spesiale gebeurtenis is sodat leerders voorbereid is, byvoorbeeld: 'n spesiale saalbyeenkoms. Noem enige opwindende aktiwiteite (*Ons gaan vandag pragtige prente teken*).
- **Let wel:** Nie ál die roetines sal elke dag gedoen word nie.

### *Mondeling/Luister- en Praatlesse (15 min.)*

Hierdie lesse sluit die Hardopleesstorie (sien volgende bladsy) in, asook lesse wat spesifieke mondelinge Taal- of Persoonlike en Sosiale Welstandvaardighede ontwikkel wat by die kurrikulum aansluit. Die dink-pare-deel-metodiek word gereeld gebruik.

### *Dink-pare-deel-metodiek (15 min.)*



***Hoekom?*** *Metodiek verskaf geleenthede vir alle leerders om elke dag te luister en te praat.*

- **Stap 1:** Leerders is op die mat (verkieslik). Leer hulle hoe om na 'n maat om te draai sodat hulle vir mekaar kyk, met hul knieë wat aan mekaar raak, maar hande wat vir hulself gehou word.
- **Stap 2:** Gee die probleem of taak vir die leerders.
- **Stap 3: Dink:** Dink **in stilte** (vir minstens 1 min.).
- **Stap 4: Pare:** Leerders deel hul gedagtes met 'n maat. Hulle luister respekvol na 'n maat se gedagtes (5 min.).
- **Stap 5: Deel:** Kies 'n paar leerders om hul gedagtes met die klas te deel (5 min.).
- **Stap 6: Reageer:** Demonstreer bevestigende reaksies teenoor leerders en hoe om bedagsaam vir duidelikheid te vra, indien nodig. Leerders leer en oefen hierdie vaardighede.

## Differensiasie

- Wanneer leerders in pare werk, is dit belangrik om te probeer om swakker leerders saam met sterker leerders te plaas.
- Wees geduldig met leerders vir wie die taal onbekend is. Moenie ander leerders toelaat om hulle te terg nie.
- In alle groepwerk moet jy spesifiseer dat **al** die leerders 'n bydrae moet maak.

## Assessering van praatvaardighede

### *Informele assessering*

- Neem paarwerk waar en let op wie nie praat nie of wie te veel praat. Maak aantekeninge in 'n aantekeningboek en kies pare daarvolgens of herinner leerders om te praat en te luister.
- Vra verskillende leerders om vrae te beantwoord. Laat party lesse "geen hande op nie" wees.
- Moenie streng korrigeer nie, maar demonstreer eerder goeie taalgebruik, byvoorbeeld: Indien 'n leerder sê: "*Ek was in die Durban in*," sê: "*O, so jy was **in Durban**!*"

### *Formele assessering*

**Aanbiedings** (individueel, pare, groepe). Sluit beantwoording van vrae (**Graad 1**), 'n praatjie, wys en vertel, voordrag, dialoog, rolspel of toneelstuklees in. Die aanbiedings kan in Geletterdheid- of Lewensvaardigheidtyd wees.

***Hoekom?*** *Aanbiedings assesseer praatvaardighede, selfvertroue, uitspraak en taalvaardighede.*

- 'n Voorbeeldtaak wat by die onderwerp aansluit, asook nasienriglyne, vir elke kwartaal word in die OG verskaf.
- Deel die nasienkriteria met leerders **voordat** hulle iets aanbied sodat hulle presies weet waarna jy kyk.
- Paar- of groepaanbiedings is nuttig vir skaam leerders en spaar assesseringstyd.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 5 2023/11/22 12:22

## HARDOPLEES (ONDERWYSER LEES VOOR)



### Doel

Kennis van mondelinge teksstruktuur sal leerders help om geskrewe tekste beter te verstaan. Om genot te ervaar sal help om leerders te motiveer om te lees. Hardopleesstories kan gebruik word om die Gedeelde Leesstorie, 'n Lewensvaardigheidsonderwerp of 'n nuwe genre bekend te stel. Gedurende Hardopleeslesse sal leerders:

- luister- en konsentrasievaardighede ontwikkel
- aan nuwe woordeskat bekendgestel word om mondelinge woordeskat uit te brei
- die korrekte taalstrukture en uitspraak hoor.

### Vordering

➤ **Graad 1** Hardopleesstories word gebruik om die Gedeelde Leestekste bekend te stel. Gebruik prente uit die Grootboek om leerders geïnteresseerd te hou. Die storie kan verkort word, indien nodig. Verduidelik slegs die woordeskat wat nodig is om die storie te verstaan (sleutelwoordeskat). Laat leerders vryelik reageer, of vra twee tot drie eenvoudige vrae na afloop van die lees om begrip te toets.

➤ **Graad 2** Hardopleesstories is meestal inleidings tot die Gedeelde Leesstorie vir die week. Verkort die storie, indien nodig. Voorgestelde woordeskat is in die storie vasgelê. Vrae is in die OG. Ná lees reageer leerders op die storie, bespreek die woordeskatwoorde en beantwoord die vrae wat jy gekies het. Sluit ook afleidingsvrae in.

➤ **Graad 3** Hardopleestekste sluit aan by die Lewensvaardigheidsonderwerpe. Dit sluit in fiksiestories wat aansluit by die onderwerp en niefiksietekste wat die onderwerp bekendstel en verduidelik. Verskillende genres soos mites, legendes, gedigte, grappies en raaisels word bekendgestel. Ná lees reageer leerders op die storie, bespreek die woordeskatwoorde en beantwoord die vrae wat jy gekies het, met die fokus op hoër-orde-vrae.

### Metodieke

#### *Hardoplees (15 min.)*

***Hoekom?*** *Hardoplees is vir leerders om te geniet, en dit sal hul woordeskat, taal- en luistervaardighede toevallig uitbrei.*

**Stap 1: Voorbereiding**

- Lees self die storie en vrae.
- Verkort of vereenvoudig die storie, indien nodig (gebruik 'n potlood).
- Kies die vrae in die OG wat jy gaan vra, en omkring die woordeskat wat jy na die voorlesing gaan bespreek. Jy hoef nie al die onderrigvoorstelle te benut nie.

**Stap 2: Vóór lees (1–2 min.)**

- Vra een of twee vrae (in OG) om by leerders se bestaande kennis/persoonlike ervaringe aan te sluit (*Het jy al ooit …? Vertel my daarvan*).
- Verskaf 'n doel of rede vir luister (*Terwyl jy luister, vind uit hoe …*).

**Stap 3: Lees die storie (10 min.)**

- Demonstreer hoe goeie, vlot lees klink.
- Gebruik uitdrukking of dramatisering om leerders se aandag te behou.
- Probeer om nie jou lees of die vloei van die storie te onderbreek nie.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 6 2023/11/22 12:22

**Stap 4: Ná lees (2–3 min.)**

- Laat 1–2 minute van algemene reaksie toe.
- Kies twee of drie vrae om begrip en konsentrasie te toets. Jy hoef nie al die vrae in die OG te vra nie.
- Bespreek een tot drie woordeskatwoorde wat jy gekies het en wat vir leerders nuut is.

## Differensiasie

- Leerders wat dit moeilik vind om te konsentreer, of leerders met gehoorgestremdhede, moet naby jou sit.
- Plaas ’n bordkrytmerk op die mat om aan te dui waar die leerders moet sit. Party onderwysers laat woelige leerders toe om ’n stukkie wondergom te hê om mee te speel.
- Maak seker dat jy verskillende leerders vra om aan die einde vrae te beantwoord.

## Assessering van luistervaardighede

### *Informele assessering*

- Neem leerders se reaksies waar terwyl jy lees. Indien heelwat leerders nie in staat is om vir die volle 15 minute te konsentreer nie, stop en gaan op ’n volgende keer voort met die hardopleesstorie. Vermeerder leerders se konsentrasietyd deur die jaar.
- Opvolgvrae is geleenthede om na hoër-orde-vrae te beweeg (*Wat het Sipho gedoen? Hoekom het hy dit gedoen?*).

### *Formele assessering*

**Luisterbegrip**

***Hoekom?*** *Luisterbegrip assesseer die luistervaardighede van die hele klas gelyktydig.*

- ’n Luisterbegripvoorbeeld, asook nasienriglyne, vir elke kwartaal word in die OG verskaf.
- Vrae is op verskillende vlakke: moenie net letterlike vrae vra nie (*wie, wat, waar, wanneer*); vra ook afleidings- of *hoekom*-vrae. Moeilikheidsgraad neem toe in elke graad.



## KLANKE

### Doel

Outomatiese dekodering- en enkoderingsvaardighede stel leerders in staat om met begrip te lees en te skryf. Gedurende Klanklesse sal leerders:


- die vermoë ontwikkel om klanke in woorde te hoor en te manipuleer
- outomatiese kennis van letterklankverhoudings ontwikkel
- leer om woorde in lettergrepe op te breek en weer as woorde saam te voeg en op te breek
- hierdie kennis gebruik om woorde te lees en te skryf (dekodering en enkodering)
- elke week 'n stel klankwoorde lees, skryf en spel
- mondelinge leesvlotheid ontwikkel deur outomaties hoëfrekwensiewoorde en woorddele te herken.

### Vordering

***Vlakke van klankkennis***


| | | |
|---|---|---|
| Vlak 1 | **Hoor lettergrepe en individuele klanke in woorde** | • Klap lettergrepe, tel lettergrepe<br>• Hoor die begin-, eind- en middelklanke in woorde |
| Vlak 2 | **Leer individuele letterklanke (die alfabet)** | • Leer elke letterklank in volgorde, begin met klinkers (vokale) |
| Vlak 3 | **Eenvoudige woordherkenning**<br>• Segmentering en samevoeging van individuele klanke in woorde: K-V-K | • Identifiseer die klanke in 'n woord (in party tale beteken dit om die lettergrepe te identifiseer en dan die individuele klanke te identifiseer)<br>• Voeg die klanke in die regte volgorde saam om die lettergreep of woord te lees/sê |
| Vlak 4 | **Meer ingewikkelde letterklankkombinasies, langer woorde en woorddele**<br>• **Samevoeging** van twee, dan drie, of vier letters<br>• **Dubbelklanke** (twee letters wat een klank maak), tweeklanke, drieklanke, ens.<br>• **Onuitgesproke letters**<br>• **Meerlettergrepige woorde**<br>• 'n Paar taalitems en morfologie | • **Dekodeer woorde:** voeg klanke in die regte volgorde saam om die woord te lees<br>• **Enkodeer woorde:** skryf letterklanke in die regte volgorde neer<br>• **Werk met woorde**<br>• Werk met **voor- en agtervoegsels** (morfologie) |

Die klanke wat in elke kwartaal vir elke graad gedek word, is op bladsy 12–13 gelys.















3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 8 2023/11/22 12:22

## Metodieke

### *Vlak 1: Hoor klanke in woorde*

***Hoekom?*** *Die leer van klanke begin met die **hoor van lettergrepe** en **klanke** in individuele woorde (fonologiese en fonemiese bewustheid).*

**Stap 1: Hoor lettergrepe in woorde**

- Klap die lettergrepe in een woord.
- Tel die lettergrepe in een woord.

**Stap 2: Hoor klanke in woorde**

- Sê die beginklank in 'n woord (*Met watter klank begin jou naam?*).
- Sê die eindklank in 'n woord (*Watter klank is aan die einde van Zaza se naam?*).
- Manipuleer klanke in woorde deur mondelings die klanke in die woorde te vervang (*As jy p-klanke in plaas van m-klanke in die woord **mamma** gebruik, wat sê dit dan?*).

### *Vlak 2: Herken letterklanke*

1. **Onderrig letterklanke sistematies deur die LAB te gebruik**

   ***Hoekom?*** *Leerders moet 'n klank aan elke letter van die alfabet koppel om te kan lees.*

   **Stap 1: Hoor die klank (mondelings)**

   - Blaai na die LAB-bladsy. Identifiseer die prent van die sleutelwoord.
   - Identifiseer die fokusklank in die sleutelwoord.
   - Leerders sê die woord en let op die manier waarop hul monde beweeg.
   - Identifiseer ander woorde met die fokusklank deur die prente in die LAB te gebruik.

   **Stap 2: Koppel die klank aan die geskrewe letter(s)**

   - Demonstreer op die bord hoe om die letter(s) te vorm.
   - Leerders maak die vorm van die letter in die lug en oefen eers sonder potlode skryf.
   - Dan trek hulle die letter in die LAB na.

   **Stap 3: Lê vas**

   - Lees die sin of woorde in die LAB.
   - Sing en onderrig die klankliedjie, indien een verskaf word.
   - Skryf 3–5 woorde op die bord. Leerders identifiseer en onderstreep die fokusletter(s).
   - **Skriftelike werk:** Voltooi LAB-aktiwiteite. Loop tussen leerders deur en ondersteun hulle, waar nodig.

2. **Vinnige letterklankherkenning (1–2 min. per dag)**

   ***Hoekom?*** *Ontwikkel **outomatiese** letterklankherkenning.*

   - Gebruik reeds aangeleerde letterklanke.
   - **Kyk en sê:** Wys teen 'n vinnige pas na 'n alfabetplakkaat of na die letters wat op die bord of kaarte geskryf is. Leerders sê die klank. Die doel is akkuraatheid en spoed van herkenning.
   - **Luister en wys:** Sê 'n klank. Leerders hou die ooreenstemmende letterkaart op.
   - **Luister en skryf:** Sê 'n klank. Leerders skryf dit op 'n lei/witbord/vel papier.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 9 2023/11/22 12:22

### *Vlak 3: Lees heel woorde*

1. **Samevoeging**

   ***Hoekom?*** *Gebruik letterklankkennis om woorde te lees (**dekodering** genoem).*

   - **Stap 1:** Skryf 'n letter op die bord. Leerders sê die klank. Skryf nog 'n letter. Leerders sê die klank.
   - **Stap 2:** Leerders voeg die twee klanke saam om 'n lettergreep of woord te maak. Volg terselfdertyd deur stadig onder die letters met jou vinger te volg.
   - **Stap 3:** Sê dit 'n bietjie vinniger, en voeg die klanke saam. Sê dit dan normaalweg.
   - **Let wel**: Dit moet eers met lettergrepe of tweeletterwoorde gedoen word, en daarna met langer woorde.

2. **Segmentering**

   ***Hoekom?*** *Breek woorde op. Gebruik letterklankkennis om woorde te skryf.*

   - **Stap 1: Mondeling:** Sê die woord in die LAB eers stadig.
   - **Stap 2**: Leerders luister vir en identifiseer die individuele klanke in die woord: *k-a-t*.
   - **Stap 3**: Skakel om na letters. Vra: *"Wat is die eerste klank? En die eerste letter?"* Skryf dan die letters op die bord om die woord te skryf.

3. **Woordbou (Graad 1 en Graad 2)**

   ***Hoekom?*** *Demonstreer met letterkaarte hoe om letterklankkennis te gebruik om 'n woord te bou.*

   - **Stap 1**: Leerders knip die letterkaarte vir die week uit (agterin die LAB).
   - **Stap 2:** Vra 'n leerder om met sy of haar kaarte bord toe te kom. Sê die sleutelwoord hardop. Vra: "*Wat is die eerste klank? En die eerste letter?"* Laat die leerder die letterkaart vind en op die bord plak om die woord te bou.
   - **Stap 3:** Laat leerders individueel woorde bou. Identifiseer die woorde vir die prente in die LAB. Leerders gebruik hul eie letterkaarte om elk van die woorde op hul eie te bou. Loop tussen leerders deur en ondersteun hulle, waar nodig.

4. **Vinnige woordherkenning: Alle grade, elke dag (2 min.)**

   ***Hoekom?*** *Om **automatiese** woordherkenning te ontwikkel.*

   - Wys teen 'n vinnige pas na die week se woorde op die bord, of wys flitskaarte van woorde.
   - Wys die woorde in verskillende volgordes.
   - Leerders sê die woorde. Die doel is akkuraatheid en spoed van herkenning.
   - **Luister en skryf:** Sê 'n woord. Leerders skryf dit op 'n lei/witbord/vel papier.
   - **Tel die kaarte:** Hou die woordflitskaart op. Wie ook al eerste die woord sê, kry die kaart.
   - **Hersien** elke nou en dan woorde van vorige weke.

5. **Diktee: Alle grade, alternatiewe Vrydae (15 min.)**

   ***Hoekom?*** *Om leerders se klankvordering te bepaal.*

   - **Stap 1:** Sê elke woord of sin stadig en duidelik. Herhaal dit slegs een keer.
   - **Stap 2:** Gee leerders tyd om dit in netjiese handskrif te skryf.
   - **Stap 3:** Sien na en korrigeer: Skryf die woorde of sinne op die bord vir leerders om na te sien. Indien 'n woord verkeerd gespel is, skryf leerders die regte woord in potlood bo die verkeerde woord.
   - **Stap 4:** Sien leerders se boeke na om te bepaal wie addisionele hulp nodig het. Sien GBL-lesse op bladsy 24 vir voorgestelde aktiwiteite.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 10 2023/11/22 12:22

## Differensiasie

### *Opbou van kennis*

- Doen individuele toetse in die middel van **Graad 1**, en aan die begin van **Graad 2** en **Graad 3** om te bepaal watter individuele letterklanke elke leerder ken. Indien leerders nie al die letterklanke outomaties kan herken nie, sal leerders nie kan lees nie.
- Inhaalwerk word tydens GBL-tyd gedoen. Sien GBL-lesse op bladsy 24 vir voorgestelde aktiwiteite.

### *Leerders wat beduidend agter is*

- Vorm 'n GBL-groep vir leerders wat beduidend agter is. Gebruik die GBL-tyd om remediërende klankaktiwiteite wat op hul vlak is, te doen. Dit mag beteken dat jy die indivuele letterklanke weer moet onderrig, en die samevoeging en segmentering van kort woorde weer moet oefen. Dit moet as speletjies gedoen word deur die letterkaarte te gebruik (sien bladsy 53–59).
- Tydens Onafhanklike Werk behoort hierdie groep klankaktiwiteite op hul vlak te doen. Maak jou eie werkkaarte of kopieer bladsye van laer grade uit die LAB/DBO-werkboeke. Sien hierdie werk na om vordering na te gaan.
- Laat hierdie leerders eers tekste lees waarin hulle die meeste van die letterklanke kan herken en eenvoudige woorde kan dekodeer.

### *Leerders wat stadig leer of effens agter is*

- Gebruik 'n gedeelte van die GBL-tyd om die week se klankonderrig te hersien. Wys die week se flitskaarte en herhaal die **LAB-**, **woordbou-** of **spoedleesaktiwiteit** (in Gedeelde Lees).

## Assessering van klankvaardighede

### *Informele assessering*

- **Skriftelike aktiwiteite in LAB:** Sien na om te bepaal watter leerders die werk korrek voltooi. Hersien tydens GBL, indien nodig.
- **Vinnige klank-/woordherkenning:** Neem leerders se reaksie waar terwyl jy die flitskaarte van die week se klanke of woorde wys. Identifiseer leerders wat nie reageer nie.
- Gebruik **diktee** om vordering na te gaan. Leerders kan individuele verbeteringe in hul eie tyd doen. Hersien tydens GBL, indien nodig.
- Gebruik die aktiwiteite vir **spoedlees van woorde** (**Graad 2**) of **spoedlees van tekste** (**Graad 3**) wat tydens Gedeelde Lees beskryf word om klankvordering te assesseer. Ontleed watter woorde of klanke onbekend is. Hersien hierdie letterklanke of woorde tydens GBL.
- Indien daar 'n spesifieke letterklank of woord is wat deur 'n groot aantal leerders nie herken kan word nie, moet dit weer vir die hele klas onderrig word.
- Kyk uit vir algemene spelfoute tydens Skryf. Gee aandag hieraan deur die woord weer tydens klankonderrig vir die hele klas te onderrig.

### *Formele assessering*

1. **Diktee (elke kwartaal)**

   ***Hoekom?** Om klank- en spelkennis te bepaal.*

   'n Voorbeeld van 'n dikteetoets gebaseer op die klanke wat reeds aangeleer is, vir elke kwartaal word in die OG verskaf.

2. **Woordvoltooiing**

   ***Hoekom?** Om klank- en spelkennis te bepaal.*

   'n Voorbeeld van 'n woordvoltooiingsaktiwiteit gebaseer op die klanke wat reeds aangeleer is, vir elke kwartaal word in die OG verskaf.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 11 2023/11/22 12:22


| | Graad 1 | Graad 2 | Graad 3<br>(Verligte klanke word<br>vir die eerste keer onderrig) |
|---|---|---|---|
| | | **Kwartaal 1** | |
| **Week 1** | Oriënteer | Oriënteer en assesseer<br>Hersien alle enkelklanke | Dubbelklanke:<br>aa; ee; oo; uu |
| **Week 2** | s | Hersien:<br>ee; oo | Tweeklanke:<br>ie; oe; ou |
| **Week 3** | i | Hersien:<br>aa; uu | Tweeklanke:<br>ui; eu; ei |
| **Week 4** | t | Hersien: ie | Drieklanke:<br>ooi; aai; oei; eeu |
| **Week 5** | e | Hersien: oe | Twee aanvangsmedeklinkers:<br>bl-; br-; dr-; dw-; fl-; fr-; gl-; gr- |
| **Week 6** | n; o | Hersien: ou | Twee aanvangsmedeklinkers:<br>kr-; kw-; pl-; pr-; sk-; sl-; sm-; sn-; sp- |
| **Week 7** | l; k | Hersien: ui | Twee aanvangsmedeklinkers:<br>st-; sw-; tw-; tr-; vl-; kl-; vr- |
| **Week 8** | a; r | Hersien: ei | Twee medeklinkers aan die einde van woorde:<br>-ks; -lf; -lk; -ns; -mp; -rg; -rk |
| **Week 9** | v; d | Hersien: eu | Twee medeklinkers aan die einde van woorde:<br>-rf; -rm; -rp; -rs; -rt; -ts; -lp;-ng; -nk<br>Twee medeklinkers aan die begin en einde van ’n woord |
| **Week 10** | Hersien | Hersien alle tweeklanke | Hersien |
| | | **Kwartaal 2** | |
| **Week 1** | u; w | ooi | Drie medeklinkers aan die begin van die woorde:<br>spr-; skr-; str- |
| **Week 2** | b; m | aai | Meervoude:<br>Verdubbelling van eindmedeklinker met byvoeging van -e |
| **Week 3** | p; y | eeu | Meervoude:<br>Verdubbelling van eindmedeklinker met byvoeging van -e |
| **Week 4** | f; h | oei | Meervoude:<br>Wanneer ’n woord ’n lang klinker (dubbelklank) het, val die een klinker weg en -e kom by |
| **Week 5** | g; j | Hersien alle drieklanke | Meervoude:<br>Byvoeging van -s<br>Byvoeging van -e |
| **Week 6** | Woordfamilie -a- | bl-; br- | Meervoude:<br>Woorde wat eindig met -d wat klink soos -t |
| **Week 7** | Woordfamilie -e- | dr-; fr- | Woorde wat eindig op -ae Woorde wat eindig op -te |
| **Week 8** | Woordfamilie -i- | fl-; gl- | Woorde waar -f na -w verander |
| **Week 9** | Woordfamilie -o- | gr-; kl- | Woorde wat eindig op -el; -er; -em |
| **Week 10** | Hersien | Hersien | Hersien |



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 12 2023/11/22 12:22

| | Graad 1 | Graad 2 | Graad 3<br>(Verligte klanke word<br>vir die eerste keer onderrig) |
|---|---|---|---|
| | | **Kwartaal 3** | |
| **Week 1** | Hersien al die klanke aangeleer in Kwartaal 1 en 2 | kn-; kr- | Woorde met dubbelmedeklinkers in die middel<br>Woorde wat begin met v- |
| **Week 2** | aa | kw-; pl- | Woorde wat begin met f-<br>Woorde wat eindig op -ik |
| **Week 3** | oo | pr-; sk- | Woorde wat eindig op -ike; -ig/-ige |
| **Week 4** | ee | sl-; sm- | Woorde met 'n kappie<br>Woorde met 'n deelteken |
| **Week 5** | uu | sn-; sp- | Meervoude wat 'n deelteken kry<br>Woorde met -ae |
| **Week 6** | Hersien | st-; sw- | Dae van die week<br>Samestellings<br>Geluidlose be-; ge- en ver- |
| **Week 7** | ie | tr-; vl- | Verkleinwoorde:<br>Woorde met 'n kort klank (vokaal) wat eindig op -k, -s, -f, -g, -p – die laaste konsonant verdubbel en kry -ie aan die einde van die woord |
| **Week 8** | Hersien | vr-; spr- | Verkleinwoorde:<br>Woorde met 'n lang klank (dubbelklank) en eindig op -k, -s, -f, -g, -p – een van die vokale val weg en kry -ie aan die einde van die woord |
| **Week 9** | oe | str-; skr- | Verkleinwoorde:<br>Woorde met dubbelklanke, tweeklanke en dubbelkonsonante wat met -k, -s, -f, -g, -p eindig, kry -ie aan die einde van die woord |
| **Week 10** | Hersien | Hersien | Hersien |
| | | **Kwartaal 4** | |
| **Week 1** | Hersien al die klanke aangeleer in Kwartaal 1–3 | -ng; -nk | Hersien al die klanke aangeleer in Kwartaal 3 |
| **Week 2** | ui | -lf; -lk | Verkleinwoorde:<br>Woorde wat op -t eindig, kry ALTYD -jie aan die einde van die woord |
| **Week 3** | Hersien | -ns; -nt; -nd | Verkleinwoorde:<br>Woorde wat op -d eindig, kry ALTYD -jie aan die einde van die woord |
| **Week 4** | ei | -mp; -ms | Verkleinwoorde:<br>Woorde wat -tjie aan die einde van die woord kry |
| **Week 5** | Hersien | -rg; -rk | Verkleinwoorde:<br>Woorde wat -ie aan die einde van die woord kry |
| **Week 6** | ou | -rm; -rp | Verkleinwoorde:<br>Woorde wat op -m eindig, kry -pie aan die einde van die woord |
| **Week 7** | Hersien | -rs; -rt | Verkleinwoorde:<br>Woorde wat op -ng eindig, kry -kie aan die einde van die woord |
| **Week 8** | eu | -rd; -ts | Verkleinwoorde:<br>Die laaste konsonant van woorde soos dam verdubbel en kry -etjie aan die einde van die woord |
| **Week 9** | Hersien | -nk; -rm | Hersien |
| **Week 10** | Hersien | Hersien | Hersien |

## GEDEELDE LEES



### Doel

Gedeelde Lees verskaf 'n kernteks waarop verdere Geletterdheidslesse gebaseer word, en bied 'n geleentheid vir 'n suksesvolle, geen-faal-leeservaring waar leesvlakke vlak vir vlak bemeester word. Gedurende Gedeelde Leeslesse sal leerders:

- tekste volgens hul leesvlak lees
- fokus op betekenis eerder as die uitklank van woorde wat begrip van die teks verseker
- aaneenlopende teks, en nie geïsoleede woorde nie, lees
- se leeswoordeskat uitbrei omdat nuwe woorde gesien en gehoor word
- se leesvlotheid verbeter deurdat die teks herhaaldelike kere gelees word.

### Vordering

➤ **Graad 1** GL-tekste is baie kort, en is op vier bladsye. Daar is elke week 'n nuwe teks. Die tekste het groot illustrasies en is in groot skrif. Die stories help die leerders om te sien dat lees pret is. Die klem is op die lees van die woorde en op begrip van die storie. Leerders sal egter ook noukeurig na die illustrasies kyk, hoëfrekwensiewoorde herken, en party woorde met klanke verbind. Deur die jaar behoort leerders te beweeg van woord vir woord lees tot lees in frases ('n paar woorde op 'n slag).

➤ **Graad 2** GL-tekste is langer (ses bladsye wat oor twee weke gelees word). Die stories bevat hoëfrekwensiewoorde en speel in bekende omgewings af. Dieselfde karakters verskyn weer. Die klem is op die lees van die woorde, begrip van die storie en dan reaksie op die storie. Leerders sal ook hul leeswoordeskat uitbrei en met die taal in die teks werk. Leerders behoort frase vir frase te lees en na leestekens op te let. Moedig leerders aan om minder staat te maak op illustrasies vir betekenis. Spoedleeswoordelyste word bekendgestel om vlotheid te verbeter.

➤ **Graad 3** GL-tekste is aansienlik langer (ses langer bladsye met kleiner illustrasies wat oor twee weke gelees word). 'n Verskeidenheid genres, sowel fiksie as niefiksie, word verskaf. Die klem is op lees met begrip en vlotheid. Daar is meer begripsaktiwiteite en 'n fokus op vrae en antwoorde. Woordeskat en taalwerk word verder uitgebrei deur die teks te gebruik, en die spoedlees van 'n teks word bekendgestel om vlotheid te verbeter.

### Metodieke

#### *Gedeelde Lees (15 min.)*

***Hoekom?*** *Gedeelde Lees werk op 'n geleidelike vrystellingsmodel van herhaaldelike lees. Die algehele fokus is nie memorisering nie, maar begrip en vlotheid.*

- Dieselfde Gedeelde Leesteks sal deur die tema heen gebruik word. Elke dag lees jy die hele storie, of 'n gedeelte daarvan, saam met die leerders om hul leesvlotheid te ontwikkel. Fokus elke dag op 'n ander aspek van lees.
- In **Graad 2** en **Graad 3** kan jy besluit om slegs 1–2 bladsye per dag te lees.

**Stap 1: Voorbereiding**

- Lees die storie en woordeskatwoorde op jou eie.
- **Graad 1:** Laat sit die klas op die mat en gebruik die Grootboek vir 'n eerste lees. Gebruik die LAB vir die tweede en derde lees.
- **Graad 2** en **Graad 3**: Gebruik die LAB.

### Stap 2: Oriëntering (1–2 min.)

***Hoekom?*** *Gebruik leerders se bestaande kennis om voorspellingsvaardighede te ontwikkel.*

- **Prenteloop (Graad 1):** Voor die eerste lees, blaai deur die Grootboek en wys vir leerders elke bladsy van die storie sonder om die teks te lees. Leerders sê wat hulle dink in die storie gebeur. Moenie na die laaste bladsy blaai of daarna kyk nie. Ná lees, sal 'n prenteloop leerders help om die storie in hul eie woorde oor te vertel.
- **In Graad 2 en Graad 3**, oriënteer leerders tot die storie deur die titel te lees en te bespreek en na die eerste illustrasie te kyk. Leerders voorspel waaroor die storie gaan.

### Stap 3: Eerste lees: Fokus op begrip (15 min.)

***Hoekom?*** *Lees die hele teks vir leerders sodat hulle op die betekenis kan fokus.*

- Lees die hele storie **vir** die klas. Gebruik 'n natuurlike leesspoed. Volg die woorde met jou vinger of 'n liniaal terwyl  jy lees as jy 'n Grootboek gebruik.
- Bespreek die prente kortliks terwyl jy lees, en wys hoe die prente en woordeskat by die storie aansluit.
- Vra op elke bladsy 'n vraag om betrokkenheid en begrip na te gaan.
- **Ná lees:** Vra een tot twee vrae om begrip te toets.
- In **Graad 1**, lees die storie nóg 'n keer sonder om te stop.

### Stap 4: Tweede lees: Fokus op dekodering en woordeskat (15 min.)

- Maak seker dat leerders hul LAB'e op die regte bladsy oopmaak.
- Lees die gekose bladsye **saam met** leerders. Nooi leerders om in te val en saam met jou te lees waar hulle kan.
- Leerders volg die teks met hul vingers onder die teks in die LAB terwyl julle almal saam lees.
- **Ná lees (3–5 min.):**
  - Fokus op die toepassing van dekoderingsvaardighede wat reeds aangeleer is of wat versterking nodig het, byvoorbeeld, identifiseer woorde met die fokusklank; identifiseer 'n hoëfrekwensiewoord; breek 'n woord in lettergrepe of klanke op, ens. Wys na 'n paar hoëfrekwensiewoorde buite konteks om te lees.
  - Werk met die woordeskatwoorde. In **Graad 1** beteken dit om die woordeskatflitskaarte by die woorde in die teks te pas. In **Graad 2** en **Graad 3** beteken dit om die sin waarin elke woordeskatwoord voorkom, weer te lees en die betekenis daarvan te bespreek.

### Stap 5: Derde lees: Fokus op vlotheid en reaksie (15 min.)

- Maak seker dat leerders hul LAB'e op die regte bladsy oopmaak. Lees weer die bladsye teen 'n natuurlike spoed en laat leerders saam met jou lees.
- Demonstreer vlot lees, teen 'n goeie pas, uitdrukkingsvol, en deur op te let na leestekens. Lees self sagter as leerders die teks reg lees.
- **Ná lees:**
  - Wys enigiets uit wat vlotheid sal verbeter, byvoorbeeld, om 'n frase op te breek, om by 'n punt asem te haal, om die woorde tussen aanhalingstekens anders te lees.
  - Laat 'n vrye of persoonlike reaksie op die storie toe (*Waaraan herinner hierdie storie jou? Waaroor laat dit jou wonder? Waarvan het jy gehou? Wat sou jy gedoen het?*).
- **Let wel:** Indien die tyd dit toelaat, laat leerders toe om 'n gedeelte van die teks in pare te lees en te fokus op leesvlotheid.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 15 2023/11/22 12:22

### *Leerders herlees die teks vir vlotheid*

***Hoekom?*** *Herhaaldelike lees van die GL-teks help leerders om vlotheid te ontwikkel en om te leer om stil te lees.*

Daar is geleenthede vir leerders om weer die Gedeelde Leesteks in die klas te lees wanneer daar ekstra tyd is, in GBL, tydens Onafhanklike Werk of tydens 'n paar Geletterdheidslesse.

#### Lees in pare of drieë

- Leerders lees om die beurt in pare terwyl hulle mekaar ondersteun. Hulle raak liggies aan hul maat se arm, indien hulle hulp nodig het.
- In **Graad 2**, word 'n uittreksel verskaf om in OW-tyd te lees. Die uittreksel het geen illustrasies nie om so dekoderingsvaardighede te verbeter.

#### Onafhanklike Lees

- Leerders lees die bladsye op hul eie.
- Hulle lees baie saggies, fluisterend of stil sodat hulle nie iemand anders steur nie.
- Hulle lees teen hul eie pas.
- Moedig leerders geleidelik aan om heeltemal stil te lees.

### *Spoedlees*

***Hoekom?*** *Spoedlees ontwikkel die vermoë om vinnig en akkuraat te lees. Dit lei tot beter begrip. (Sien die DBO-riglyne op die volgende bladsy.)*

- **Spoedlees van woorde** (**Graad 2** en **Graad 3**) op alternatiewe Vrydae in die LAB (algemene, hoëfrekwensie- en klankwoorde).
- **Spoedlees van paragrawe** (**Graad 3**) op alternatiewe Donderdae in die LAB (ongeïllustreede paragraaf uit Gedeelde Leesteks).
- Lees eers die woorde of teks hardop vir die leerders om lees te demonstreer.
- Leerders werk dan in pare.
- **Stap 1:** Begin tyd hou. Eerste leerder lees hardop vir 'n maat uit die LAB. Onbekende woorde word oorgeslaan.
- **Stap 2:** Stop die horlosie ná een minuut. Leerder omkring die laaste woord wat gelees is.
- **Stap 3:** Herhaal met die ander maat wat lees.
- **Stap 4:** Elke leerder tel die aantal woorde wat hy of sy gelees het en teken dit aan.
- **Stap 5:** Elke leerder in die paar kry nog 'n beurt om vir een minuut te lees.

#### Sien self na

- Lees die lys/teks hardop sodat leerders hul leesspoed kan nagaan.

#### Herhaal

- Herhaal hierdie aktiwiteit sodat elke leerder 'n geleentheid kry om hul leesspoed te verbeter en foute te korrigeer.
- **Let wel:** Dit is nie 'n kompetisie tussen leerders nie, maar eerder leerders wat hul eie leesspoed probeer verbeter.
- Ná afloop van die les, kan leerders weer saam met 'n maat of by die huis lees vir verdere vlotheidsoefening.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 16 2023/11/22 12:22

**DBO-riglyne vir vlotheid van hardoplees in Afrikaans**

| | | |
|---|---|---|
|  | **40** | **Einde van Graad 1**<br>Alle leerders behoort hul **LETTERKLANKE** goed te ken, en ten minste 40 **LETTERKLANKE** per minuut korrek te kan sê. |
| | **50** | **Einde van Graad 2**<br>Alle leerders behoort ten minste 50 **WOORDE** per minuut korrek te kan lees tydens die lees van 'n leesteks. |
| | **80** | **Einde van Graad 3**<br>Alle leerders behoort ten minste 80 **WOORDE** per minuut korrek te kan lees tydens die lees van 'n leesteks. |

## Differensiasie

- As 'n Grootboek gebruik word, moet leerders met gesiggestremdhede naby jou sit of in hul LAB'e volg.
- Gedifferensieerde leesvaardighede sal tydens GBL onderrig word. Gebruik GBL-tyd om die GL-teks met groepe wat sukkel, weer te lees.
- GBL-groepe wat sukkel, kan ook die spoedleesaktiwiteite herhaal vir ekstra oefening.
- Tydens Lees in pare, behoort sterker lesers saam met minder bekwame lesers te lees.
- Moedig leerders aan om lees tuis met ondersteuning te oefen. Hulle kan die Gedeelde Leesteks weer lees of die spoedleesaktiwiteite weer doen. Verduidelik aan ouers of versorgers wat vereis word.

## Assessering van leesvaardighede

### *Informele assessering*

- Waarnemings tydens GL-lesse sal aandui wie gemaklik saamlees en wie hoofsaaklik luister eerder as lees. Maak seker dat leerders wat nie deelneem nie, in 'n ondersteunende GBL-groep is.
- Verstaan die verskil tussen memorisering en lees. Om dit te kontroleer kies 'n woord of sin buite konteks vir leerders om te lees. Remedieer tydens GBL deur leeders individuele woorde te laat lees voordat hulle die teks lees.
- Gebruik in **Graad 2** en **Graad 3** die uitslae van die spoedleesaktiwiteite om twee keer per maand vordering na te gaan.

### *Formele assessering*

#### Vlotheid van hardoplees

***Hoekom?*** *Dit is 'n goeie aanduiding van leesvermoë, maar moet individueel gedoen word.*

Vir een week per kwartaal word die GBL-lestyd gebruik om hardoplees te assesseer.

#### Begrip


***Hoekom?*** *Dit is 'n aanduiding van die vermoë om met begrip te lees.*

'n Voorbeeld van 'n begripstoets vir elke kwartaal word in die OG verskaf.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 17 2023/11/22 12:22

## WOORDESKAT



### Doel

'n Uitgebreide woordeskat voorspel sterk begripsvaardighede. Gedurende woordeskatlesse sal leerders:

- se leesvlotheid verbeter soos hulle meer woorde op sig herken
- al meer woorde kan uitspreek, verstaan, lees en skryf.

### Metodieke

Die meeste mondelinge woordeskat word toevallig aangeleer, deur, byvoorbeeld, na die Hardopleesstorie te luister, of in die klas wanneer jy doelbewus nuwe woordeskat gebruik. Om egter te verseker dat leerders se aantal woorde wat hulle kan lees en skryf, vermeerder, sluit formele woordeskatlesse aan by die Gedeelde Leesteks wat spesifiek leeswoordeskat ontwikkel.

#### *Onderrig van woordeskatwoorde*

***Hoekom?*** *Die onderrig van nuwe woorde help uitdruklik met die onthouvermoë van woorde.*

**Stap 1: Voorbereiding**

- Maak flitskaarte vir die woordeskatwoorde in die GL-teks.

**Stap 2: Lees die woorde**

- Wys elke flitskaart en sê elke woord. Leerders herhaal dan die woord, byvoorbeeld: *goeiemôre*.
- Sê dit weer terwyl jy elke lettergreep uitklank, byvoorbeeld: *g-oei-e-mô-re*. Leerders herhaal deur jou te volg.
- Wys weer die kaarte, maar die keer in 'n ander volgorde. Leerders sê die woorde hardop. Herhaal 'n paar keer.

**Stap 3: Betekenis van elke woord**

- Lees die sin in die GL-teks waarin die woord voorkom.
- Leerders vind en onderstreep/omkring/verlig elke woordeskatwoord in die GL-teks.
- Bespreek die betekenis van elke woord. So brei hul woordkennis uit. Byvoorbeeld, bespreek homonieme, sinonieme, antonieme, woorde met ooreenstemmende letterpatrone vir elke woord.
- Leerders maak sinne deur die woorde te gebruik, ens. Lei leerders om voortdurend meer beskrywende of langer sinne te maak.

**Stap 4: Skryf**

- Leerders skryf die woorde en/of betekenisse as deel van hul LAB-aktiwiteite.
- Leerders kopieer die woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Hersiening/Vaslegging**

- Wys elke dag tydens Geletterdheid die woordeskatflitskaarte vir 1–2 minute. Probeer om elke keer vinniger daardeur te gaan. Voeg flitskaarte van vorige weke by.

### Differensiasie

- Leerders moet 'n woord 15–30 keer sien om dit te onthou. Wys elke dag die flitskaarte en/of sit dit teen die woordmuur. Hersien gereeld, in die klas of in groepe, ten minste elke maand en elke kwartaal.

### Assessering van woordeskatvaardighede

#### *Informele assessering*

- Neem elke week die LAB'e in. Gaan individuele vordering na.
- Neem elke maand hul persoonlike woordeboeke in om na te gaan.

#### *Formele assessering*

In die FW-program word woordeskat in die formele Skryf Assesseringstaak getoets (sien bladsy 41).



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 18 2023/11/22 12:22

## TAAL EN SINSBOU



### Doel

Gedurende taal- en sinsboulesse sal leerders:

- met begrip lees deur die struktuur van sinne te verstaan
- grammatikaal korrekte sinne skryf deur die struktuur van sinne te verstaan
- grammatikale kenmerke aan spesifieke tipes/genres van skryfwerk koppel.

### Vordering

➤ **Graad 1** Die doel van taalwerk is om leerders te help om grammatikaal korrekte sinne te skryf. 'n Sin uit die GL-teks word geïdentifiseer en op die bord geskryf. Leerders lees en skryf dan die sin. Hulle gebruik dit as basis vir hul eie sin. Gebruik die geleentheid om eenvoudige taal- en leestekenvaardighede te onderrig.

➤ **Graad 2** Die sistemiese taalbenadering word gebruik om leerders te help om 'n sin ondersoekend te lees en na die funksie van elke woord te kyk. 'n Sin uit die GL-teks is agterin die LAB vir leerders om uit en op te knip, en dan in die regte volgorde te bou. Gebruik die geleentheid om woordsoorte te verduidelik en te onderrig.

➤ **Graad 3** Steeds binne die sistemiese taalbenadering word een sin in die teks in die LAB geïndentifiseer vir leerders om mee te werk. Hulle onderstreep of omkring sekere woorde of leestekens volgens hul funksie. Gebruik die geleentheid om verskillende woordsoorte of ander taalwerk te onderrig. Addisionele oefening kan in die oefenboeke gedoen word.

### Metodieke

#### *Werk met sinne (Graad 2 en Graad 3) (15 min.)*

***Hoekom?*** *Ondersoekende lees en bou van een- of tweepatroonsinne sal taalkennis ontwikkel en help met begrip.*

**Stap 1: Stel die sin bekend**

- **Graad 2:** Lees die sin in die weeklikse oorsig in die OG.
- Leerders knip die sinstrook uit die LAB se uitknipbladsy agterin die boek.
- **Graad 3:** Skryf die patroonsin op die bord of verwys leerders na die spesifieke bladsy in die LAB.

**Stap 2: Werk met die sin**

- Vra vrae oor die sinstruktuur en leestekens.
- Help leerders om spesifieke woorde/woordgroepe/woordsoorte in die sin te identifiseer. Byvoorbeeld:
  - *Soek die woord wat vir ons sê **wie** iets gedoen het. Let op dat dit aan die begin van die sin is.*
  - *Soek die woord(e) wat vir ons sê **wat hulle gedoen het**. Let op die posisie in die sin. 'n Deel van hierdie woord sê vir ons dat hulle reeds daardie aksie voltooi het* (*tydsvorm*).
- Help leerders om te dink oor wat die woord **doen** deur vrae te vra.
- Voorbeelde van vrae (afhangend van wat jy wil onderrig of hersien):
  - **Wie?** en **Wat?** Die vrae help leerders om selfstandige naamwoorde te identifiseer (mense en dinge).
  - **Doen wat?** Die vrae help leerders om werkwoorde te identifiseer (aksies, dinge wat mense sê en voel, tydsvorm).
  - **Wanneer?** Die vrae help leerders om die tyd waarop iets gebeur het, te identifiseer (bywoordelik).
  - **Waar?** Die vrae help leerders om 'n posisie of ligging te identifiseer (bywoordelik).
  - **Hoekom?** Die vrae help leerders om 'n rede vir 'n aksie te identifiseer (bywoordelik).
  - **Hoe?** Die vrae help leerders om die manier waarop iets gebeur, te identifiseer (bywoordelik).



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 19 2023/11/22 12:22

**Stap 3 Wyer as die sin**

- **Graad 1:** Leerders voltooi die sin in die LAB of skryf hul eie sin.
- **Graad 2:** Leerders knip die sinstrook in woorde op en skommel die woorde/woordgroepe.
- Hulle bou die sin weer reg saam en lees dit hardop.
- Hulle plak die sin in hul oefenboeke.
- **Graad 3:** Leerders voltooi hul eie sinne gebaseer op die sleutelsin.

**Stap 4: Onderrig taal (opsioneel)**

- Gebruik die sin om 'n sekere woordsoort of taalaspek wat met die kurrikulum verband hou, te onderrig.
- Sien die kurrikulumvordering op hierdie en die volgende bladsy vir voorstelle.
- Addisionele skryfwerk kan in oefenboeke gedoen word.

### *Taaloorsig en EAT (Eerste Addisionele Taal)*

(Graad 3, elke tweede Woensdag)

**Stap 1: Hersien woordeskatwoorde**

- Hersien die week se woordeskat: gee 'n betekenis/definisie en vra die klas om die woord te gee, of vice versa.
- Bespreek Engelse woorde met dieselfde betekenis (verskaf in OG).

**Stap 2: Hersien die sin en bespreek die Engelse weergawe daarvan**

- Lees die sin saam met leerders.
- Bespreek hoe leerders hierdie sin in Engels kan sê.
- Skryf die Engelse sin op die bord (dit is nie in die LAB nie).
- Fokus kortliks op die funksie van een of twee woorde op dieselfde manier as vir die Huistaal (*Watter woord sê vir ons wat hy doen?*).

### *Taal*

Taal kan tydens Gedeelde Lees-, Gedeelde Skryf-, Taal- en Klanklesse onderrig word. Die kurrikulumvordering hieronder kan as riglyne dien.

## Vordering

**➤ Graad 1**

**Kwartaal 1:** Vorm kleinletters korrek; skryf onderskrifte; kopieer en skryf eie name, kort woorde en sinne; kopieer alfabetlys; maak voorstelle vir 'n klasstorie (Gedeelde Skryf); voorsetsels.

**Kwartaal 2:** Skryf woorde deur reeds aangeleerde klanke te gebruik; skryf onderskrifte; skryf een sin oor eie nuus; stel 'n lys woorde saam; dra idees vir 'n klasstorie by (Gedeelde Skryf); woordeboek: begin om eie woordbank en persoonlike woordeboek op te bou deur die beginletter van woorde te gebruik.

**Kwartaal 3:** Skryf twee sinne; punktuasie, insluitend hoofletters as mense se name geskryf word; enkelvoud en meervoud van selfstandige naamwoorde; teenwoordige en verlede tyd; voornaamwoorde; spelling; ontwikkel woordbank en persoonlike woordeboek.

**Kwartaal 4:** Skryf drie sinne; punktuasie, insluitend hoofletters as mense se name geskryf word; skryf mense se name deur met hoofletters te begin; enkelvoud en meervoud van selfstandige naamwoorde; teenwoordige en verlede tyd; voornaamwoorde; spelling; woordeboek: lys woorde alfabeties.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 20 2023/11/22 12:22

➤ **Graad 2**

**Kwartaal 1:** Leestekens; enkelvoud en meervoud van selfstandige naamwoorde; werkwoorde; boodskappe; lys van goed deur ’n komma te gebruik; ontwikkel woordbank en persoonlike woordeboek.

**Kwartaal 2:** Skryfproses; beskrywende teks, aanwysings; leestekens; selfstandige naamwoorde: eiename, verkleinwoorde; voornaamwoorde; werkwoorde: teenwoordige en verlede tyd, negatiewe vorm; voorsetsels; byvoeglike naamwoorde; sinonieme; teenoorgesteldes; homofone; spelling; ontwikkel woordbank en persoonlike woordeboek.

**Kwartaal 3:** Skryfproses; leestekens; sinonieme; selfstandige naamwoorde: enkelvoud, meervoud en verkleiningsvorm; werkwoorde: negatiewe vorm, teenwoordige, verlede en toekomende tyd; voornaamwoorde; teenoorgesteldes; homofone; spelling; ontwikkel woordbank en woordeboek.

**Kwartaal 4:** Skryfproses (gedigte en liedjies); volgorde van gebeure (eerste, daarna, volgende en laastens); leestekens; selfstandige naamwoorde: enkelvoud, meervoud, verkleiningsvorm en name van jong diere; werkwoorde: teenwoordige, verlede en toekomende tyd; seisoene van die jaar; teenoorgesteldes; sinonieme; homofone; byvoeglike naamwoorde; spelling; ontwikkel woordbank en persoonlike woordeboek.

➤ **Graad 3**

**Kwartaal 1:** Skryfproses (ag sinne oor nuus, storie, beskrywende teks); leestekens; werkwoorde: teenwoordige, verlede en toekomende tyd; selfstandige naamwoorde: enkelvoud, meervoud, verkleiningsvorm en name van jong diere; voorsetsels; byvoeglike naamwoorde; ontwikkel woordbank en woordeboek.

**Kwartaal 2:** Skryfproses (twee paragrawe, tien sinne; hou ’n weeklikse dagboek; inhoudbladsy): leestekens; selfstandige naamwoorde: enkelvoud, meervoud, verkleiningsvorm en name van jong diere; werkwoorde: verlede en toekomende tyd; byvoeglike naamwoorde; bywoorde; voorsetsels; teenoorgesteldes; maande en die seisoene van die jaar; ontwikkel woordbank en woordeboek.

**Kwartaal 3:** Skryfproses (dagboekinskrywings; opsomming van storie); leestekens: voegwoorde; selfstandige naamwoorde; werkwoorde; voornaamwoorde; byvoeglike naamwoorde; bywoorde; spelling; woordbank en woordeboek.

**Kwartaal 4:** Skryfproses (eerste poging, redigeer en skryf finale twee paragrawe (twaalf sinne)); gee in volgorde; saamgestelde sinne deur voegwoorde te gebruik; spelling; ontwikkel woordbank en woordeboek.

## Differensiasie

- Die patroonsinne wat in Taallesse gebruik word, dien as ’n soort vervangingstabel en aktiwiteit wat nie misluk nie om te verseker dat al die leerders ’n grammatikaal korrekte sin kan skryf.
- Leerders kan addisionele taalwerk kry om in hul oefenboeke te doen.

## Assessering van taalvaardighede

### *Informele assessering*


- Waarnemings tydens die mondelinge of uitknipdeel van die Taallesse sal aandui watter leerders sukkel.
- Neem elke week die LAB’e en oefenboeke in.
- Kontroleer individuele vordering en onderrig weer aspekte, waar nodig.

### *Formele assessering*

**Onafhanklike Skryf**

In die FW-program word taal in die formele Skryf Assesseringstaak getoets (sien bladsy 41). Die helfte van die punte wat toegeken word, is vir taal wat korrek saamgestelde sinne en korrekte spelling/woordkeuse insluit.

## BEGRIPLEES



### Doel

Begripstoetse is die basiese manier waarop leerders se leesvermoë in eksterne en gestandaardiseerde toetse getoets word. Gedurende Begripleeslesse sal leerders:

- vrae oor 'n teks beantwoord deur noukeurige lees eerder as memorisering
- aan verskillende tipes vraagformate en verskillende vlakke van vraagstelling bekendgestel word.

### Vordering

➤ **Graad 1** Om vrae te vra om begrip van 'n teks te kontroleer, is in beginsel 'n mondelinge aktiwiteit. Dit word gedoen nadat daar na 'n Hardopleesstorie geluister is of nadat GL-tekste gelees is. Leerders word aan verskillende vraagwoorde bekendgestel. In Kwartaal 1 word assessering van leesbegrip mondelings en een tot een gedoen. Vanaf Kwartaal 2 word eenvoudige begripstoetse wat op 'n teks gebaseer is, gebruik. Daar is ook begripsaktiwiteite ná party Lewensvaardigheidstoetse.

➤ **Graad 2** Mondelinge vrae word voorgestel nadat daar na 'n Hardopleesstorie geluister is of nadat GL-tekste gelees is om begrip te kontroleer en begripstrategieë bekend te stel, byvoorbeeld, voorspelling. Die vrae word breedweg geklassifiseer in hier-, versteekte-, kop- en hart-vrae. Daar is een skriftelike begripsaktiwiteit per tema, gebaseer op die GL-teks. Verskillende vraagtipes word elke week bekendgestel, byvoorbeeld, veelvuldige keuse.

➤ **Graad 3** Mondelinge vrae word voorgestel nadat daar na 'n Hardopleesstorie geluister is of nadat GL-tekste gelees is om begrip te kontroleer en begripstrategieë te verbeter. In Graad 3 is daar twee skriftelike begripsaktiwiteite per tema, albei gebaseer op die GL-teks. Verskillende vraagtipes word gebruik. Vraag-ikone help leerders om te identifiseer watter soort vraagaktiwiteit dit is: ***Soek en vind***, ***Lees en dink*** of ***Op my eie***. In Kwartaal 4 verander die formaat van die begripsaktiwiteit en die aantal aktiwiteite vermeerder om leerders vir gestandaardiseerde assessering voor te berei. Teen die einde van die jaar behoort leerders die meeste soort begripsvrae te kan beantwoord, die vraagtipe te kan herken, en te kan verstaan hoe die vraag beantwoord moet word.

### Metodieke

**Stap 1: Lees die teks (verwys terug na Gedeelde Lees)**

- Maak seker dat leerders die teks as Gedeelde Lees **saam met** jou gelees het.
- Stel tydens GL begripstrategieë bekend wat leerders kan gebruik terwyl hulle lees. Dit sluit in:
  - voorspelling, identifisering en empatie met die karakters in stories
  - identifisering van die omgewing waar die storie plaasvind
  - identifisering van die hoofgedagte of doel van die storie
  - begrip van die struktuur van 'n storie – die begin, middel en einde
  - monitering van hulself terwyl hulle lees om seker te maak dat hulle die teks verstaan.
- As die GL-teks reeds 'n tyd gelede gelees is, moet die teks weer gelees word voordat hulle die vrae beantwoord.

**Stap 2: Verduidelik die vrae**

- Verduidelik dat leerders kan terugblaai om antwoorde te soek. Dit is nie 'n memoriseringstoets nie.
- Lees die geskrewe vrae hardop.
- Verduidelik wat verwag word wanneer verskillende tipes vrae beantwoord word. Verduidelik slegs die vraagtipes wat betrekking het op daardie week se vrae. Demonstreer en oefen 'n paar voorbeelde op die bord.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 22 2023/11/22 12:22

- Tipes vrae wat ingesluit kan word:
  - **Voltooi 'n tabel:** stel inligting uit die teks voor deur ontbrekende woorde in 'n tabel in te vul.
  - **Veelvuldigekeuse-vrae:** lees al die moontlike antwoorde en kies *slegs* die regte een. Die instruksies om dit aan te dui mag verskil. Hulle mag van leerders verwag om die sirkel te merk, of die sirkel in te kleur of die regte antwoord te omkring.
  - **Kontrolelys:** lees al die moontlike antwoorde en merk *almal* wat korrek is.
  - **Gaping-vul:** skryf die regte woord in die spasie, of, in die geval van 'n nommer, skryf die regte woord langs die nommer.
  - **Volsin:** beantwoord die vraag deur 'n volsin met korrekte leestekens te gebruik.
  - **Opeenvolging van gebeure:** nommer die gebeure in 'n storie.
- Verduidelik in **Graad 3** die ikone wat leerders aan verskillende soorte vrae bekendstel. Byvoorbeeld:
  - **Soek en vind** – letterlike vrae: die antwoord is in die teks.
  - **Lees en dink** – afleidingsvrae: die antwoord word in die teks voorgestel, maar jy moet daaroor dink en dit in jou eie woorde skryf.
  - **Op my eie** – vrae oor persoonlike opinie: die antwoord is nie in die teks nie, maar in jou kop of hart.
- In **Graad 3** Kwartaal 4 word leerders voorberei vir die gestandaardiseerde, formele begripsvrae wat hulle in die hoër grade sal teëkom. Hierdie begripstoetse vereis die noukeurige deurlees van een of twee bladsye met teks, en sluit geïntegreerde woordeskat en taalitems, sowel as verskillende tipes vrae, in.
- **Let wel:** In **Graad 3** Kwartaal 3 behoort leerders die vrae op hul eie te kan lees en te kan verstaan wat van hulle verwag word. Onderrig leerders in Kwartaal 1 en 2 om dit te oefen deur individuele leerders toe te laat om 'n vraag te lees, dit in hul eie woorde weer te gee en vir die klas te verduidelik wat vereis word.

#### Stap 3: Skriftelike werk

- Leerders voltooi die begripsoefening in die LAB of in 'n oefenboek.

#### Stap 4: Sien na

- Indien daar tyd is, kan die aktiwiteit saam met die klas nagesien word en verduidelik word hoekom sekere antwoorde korrek is, of hoekom verskillende antwoorde geskik is. Verbeteringe word in potlood geskryf.
- Neem die LAB'e in om te kontroleer.

## Differensiasie

- Die meeste vrae vereis kort antwoorde omdat skriftelike begripsaktiwiteite lees, en nie skryf nie, toets. Indien leerders meer skryfoefening nodig het, kan hulle volsinantwoorde in hul oefenboeke skryf.
- Leerders wat 'n uitdaging nodig het, kan, nadat hulle die begripsaktiwiteit voltooi het, 'n algemene vraag wat op die bord geskryf is, beantwoord (*Skryf nou waaraan dit jou herinner*).
- Gebruik GBL-tyd om swakker leerders te help om antwoorde in 'n teks te soek. Laat hulle na die spesifieke woord(e) wys wat die antwoord(e) gee.

## Assessering van begrip

### *Informele assessering*

- Neem die LAB'e in om die werk te kontroleer, hetsy of dit reeds self nagesien is of nie.
- Konsekwente swak uitslae dui op swak leesvaardighede en dat leerders in 'n ondersteunende GBL-groep hoort.

### *Formele assessering*

#### Leesbegripstoetse

***Hoekom?*** *Begripstoetse is 'n maatstaf om leesvermoë en –begrip te toets.*

- 'n Voorbeeld van 'n begripsaktiwiteit, asook nasienriglyne, vir elke kwartaal word in die OG verskaf.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 23 2023/11/22 12:22

## GROEPBEGELEIDE LEES

### Doel

Groepbegeleide Lees (GBL) stel jou in staat om gedifferensieerde leesonderrig aan groepe met dieselfde vermoë te verskaf. Jy kan elke leerder se vordering in leer om met begrip te lees, kontroleer. Gedurende Groepbegeleide Lees sal jy:

- aan elke leerder individuele aandag op hul vlak van behoefte kan verskaf
- een of twee keer kan luister hoe elke leerder in die klas lees.

### Vordering

➤ **Graad 1** Leerders word aan groepwerk en GBL voorgestel. Die fokus is op die outomatiese herkenning van letterklanke, herkenning van hoëfrekwensiewoorde op sig, en die lees van eenvoudige voorspelbare teks met begrip. Deur die jaar behoort leerders te beweeg van woord vir woord lees tot lees in frases (’n paar woorde op ’n slag).

➤ **Graad 2** Die fokus is op die lees en verstaan van langer tekste wat van bladsy tot bladsy verskil. Leerders herken die meeste hoëfrekwensiewoorde en gebruik dekoderingsvaardighede om nuwe woorde te lees. Hulle lees in frases en teen ’n goeie pas.

➤ **Graad 3** Die fokus is op die lees en verstaan van langer tekste of hoofstukstories. Leerders herken alle hoëfrekwensiewoorde en gebruik woordaanpaktegnieke, soos dekodering, en lees tot aan die einde van die sin. Hulle kan ’n wye verskeidenheid tekstipes lees. Hulle lees vlot en soek vir betekenis in tekste.

### Metodieke

**Stap 1: Voorbereiding om met GBL te begin**

- Plaas leerders in vyf vaardigheidsgroepe.
- Gee groepe temaverwante name, byvoorbeeld: blomme of diere, eerder as “swak groep” of “goeie lesers”.
- Skeduleer ’n Groepbegeleide Lees-les met elke groep, óf een keer (30 min.) óf twee keer (2 x 15 min.) per week.
- Terwyl die Inhaalrooster in gebruik is, skeduleer ’n bykomende 30 minute per dag vir GBL deur sekere Lewensvaardigheidslesse te vervang.
- Beplan elke dag die Onafhanklike Werk wat die klas moet doen terwyl jy met ’n GBL-groep werk.
- Beplan elke dag wat jy met ’n spesifieke GBL-groep gaan doen.

**Stap 2: Riglyne vir Groepbegeleide Lees**

- Maak eers seker dat die klas hul OW-aktiwiteite het.
- Vra dan die groep met wie jy gaan werk om mat toe te kom en naby jou te sit.
- Verdeel die tyd tussen **Klank-** en **Lees**aktiwiteite, afhangend van die behoeftes. Byvoorbeeld: werk met swakker groepe vir 10 minute met klanke en vir 5 minute met lees, en met sterker groepe vir 12 minute met lees en vir 3 minute met woordherkenning.

### Voorbeeldaktiwiteite vir GGR-groepe

- Die aktiwiteite vir GGR word verdeel in Klank- en Leesaktiwiteite.
- Die **Klank**aktiwiteite stem ooreen met die *Vlakke van klankkennis* in Klanklesse op bladsy 8.
- Die **Lees**aktiwiteite stem ooreen met die vlakke wat in die *Leesleer* op bladsy 27 aangedui word.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 24 2023/11/22 12:22

1. **Klankaktiwiteite vir GBL-groepe**

   ***Hoekom?*** *Hoe meer outomaties dekodering- en woordherkenningvaardighede word, hoe vlotter sal leerders lees.*

   - Doen **een of twee** van die volgende aktiwiteite volgens die groep se behoeftes.
   - **Apparaat:** Stelle alfabetkaarte, woordflitskaarte, witbordjies/leie/papier en potlode.

| **Klanke Vlak 1 (Klanke in woorde)** | |
|---|---|
| **Mondelinge klanke in woorde** | • Sê woorde hardop.<br>• Leerders identifiseer beginklank deur letterkaart te wys.<br>• Doen dieselfde met eind-/middelklanke.<br>• Speel speletjies soos *Ek sien* ... of kaartspeletjies of bordspeletjies (sien voorbeelde in **Graad 1** Kwartaal 1 OG). |
| **Klanke Vlak 2 (Letterklanke)** | |
| **Enkel letterklanke (vokale, dan konsonante)** | • Sê 'n klank. Leerders hou die regte letterkaart op en skryf die letter.<br>• Hou 'n letter op. Leerders sê die regte klank. |
| **Klanke Vlak 3 en 4 (Woordherkenning, dekodering)** | |
| **Samevoeging** | • Wys drie letterklankkaarte – konsonant-vokaal-konsonant.<br>• Sê elke klank in 'n woord.<br>• Voeg die klanke saam. Leerders voeg die klanke saam om 'n woord te vorm. |
| **Segmentering** | • Sê 'n bekende woord hardop.<br>• Leerders tel die klanke in die woord.<br>• Leerders gebruik letterkaarte om elke klank te wys.<br>• Hulle bou 'n woord met die letterkaarte. |
| **Dubbelklanke, tweeklanke en drieklanke** | • Werk met algemene letterklankgroepe uit die LAB. |
| **Vinnige woordherkenning van algemene woorde** | • Wys klankwoorde op flitskaarte.<br>• Wys woorde lukraak, en doen dit elke keer vinniger. |
| **Spoedlees woorde (sien Graad 2 LAB)** | • Gebruik die aktiwiteit in die LAB of maak jou eie woordelys.<br>• Hou tyd vir een minuut terwyl leerders die woorde lees. |
| **Dekodeer nuwe woorde** | • Breek onbekende woorde in individuele klanke of lettergrepe op. |

2. **Leesaktiwiteite vir GBL-groepe**

   ***Hoekom?*** *Hoe meer leerders oefen om op hul vlak te lees, hoe vlotter en meer selfverseker sal hulle as lesers word.*

   - **Apparaat:** Gebruik dieselfde teks vir elke leerder. Dit kan kom uit 'n storieboek, 'n GL-teks in die LAB, of enige ander geskikte boeke/leesvelle wat op hul leesvlak is. Jy kan **Graad 1-**, **Graad 2-** of **Graad 3**-materiaal gebruik. Leerders moet 97% van die woorde kan lees (almal behalwe een of twee woorde op 'n kort bladsy; vier woorde op 'n langer bladsy).
   - Doen een of twee van die volgende aktiwiteite volgens die behoeftes van die groep.
   - **Moenie 'n teks verskaf wat te moeilik is nie; dit sal teenproduktief wees.**



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 25 2023/11/22 12:22

| Leesaktiwiteite Vlak 1 (Konsepte van gedrukte teks) | |
|---|---|
| **Links na regs, bo na onder Konsep van gedrukte teks/illustrasies** | • Lees vergrote tekste, bv. Grootboeke.<br>• Volg met jou vinger onder die teks terwyl jy lees.<br>• Vra waar sinne begin of eindig.<br>• Tel die woorde in 'n sin/op 'n bladsy.<br>• "Lees" die prente. |
| **Leesaktiwiteite Vlak 2 (Letters/klanke en woorde)** | |
| **Identifiseer letters** | • Wys na 'n letter op 'n bladsy. Leerders identifiseer die letterklank.<br>• Sê 'n letterklank. Leerders wys na die letter. |
| **Versterk woordherkenning** | • Leerders vind 'n woord op 'n bladsy: Gee 'n leidraad, byvoorbeeld, beginletter/betekenis/lengte. |
| **Ontwikkel dekoderings-vaardighede** | • Klank 'n nuwe woord op 'n bladsy deur die letterklanke te segmenteer en dan weer saam te voeg. |
| **Leesaktiwiteite Vlak 3 (Vlotheid)** | |
| **Luister en volg** | • Lees hardop terwyl leerders met hul vingers onder die teks volg en die woorde baie saggies sê. |
| **Lees saam** | • Lees saam met leerders (Gedeelde Lees). Lees al hoe sagter as leerders goed begin saamlees. Lees moeilike woorde met 'n harde stem. Hou die pas normaal. |
| **Lees alleen** | • Leerder lees 'n bladsy stil en op sy of haar eie en teen 'n eie pas. Vra 'n vraag na elke bladsy. |
| **Lees een-vir-een** | • Leerders maak beurte om 'n kort gedeelte van 'n bladsy te lees. |
| **Herlees** | • Leerders lees 'n bladsy/teks 'n paar keer tot dit perfek is. |
| **Spoedlees (Graad 3)** | • Gebruik LAB-aktiwiteit. Hou tyd as leerders vir een minuut lees. |
| **Leesaktiwiteite Vlak 4 (Begrip)** | |
| **Voorspel** | • Doen 'n prenteloop voor jy lees.<br>• Bespreek die titel of opskrifte voor jy lees. |
| **Moniteer** | • Vra 'n vraag na elke bladsy.<br>• Vra leerders om na elke bladsy die gebeure op te som.<br>• Prys leerders vir selfkorreksie. |
| **Maak gevolgtrekking** | • Leerders reageer op die storie, of vertel dit oor.<br>• Hoe het dit jou laat voel? Wonder oor? Herinner jou aan?<br>• Hoe kon dit anders geëindig het? |
| **Storiestruktuur** | • Wie was die hoofkarakters?<br>• Wat was die agtergrond? Belangrikste probleem? Oplossing? |

## Differensiasie

- Aangesien die GBL-groepe volgens vermoë ingedeel is, sal elke groep se vermoë verskil. In elke graad kan groepe van nielesers tot vlotlesers wissel. Dit is 'n geleentheid om aan elke leerder se spesifieke behoeftes te voldoen.

## Assessering van Groepbegeleide Lees

### *Informele assessering*

- Gebruik die geleentheid om met individuele leerders te kommunikeer en te luister hoe elke leerder lees.
- Maak aantekeninge in jou aantekeningboek.
- Beplan jou volgende groepsessie rondom hierdie informele assessering. Jy kan lede van 'n groep of die leesmateriaal verander, of ander klankspeletjies speel, indien nodig.
- Moenie ingewikkelder vaardighede begin ontwikkel voordat die eerste vaardighede nog nie bemeester is nie.
- Indien nodig, groepeer leerders volgens hul vordering en behoeftes.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 26 2023/11/22 12:22

### *Formele assessering*

**Mondelinge leesvlotheid (sien Gedeelde Lees)**

Vir een week in die kwartaal word die GBL-lestyd gebruik om hardoplees te assesseer.


## Klim die Leesleer

| | | |
|---|---|---|
| Vlak 5 | **Ek kan Langer tekste lees**<br>• Lees 4 of meer sinne<br>• Lees hardop of stil<br>• Herken hoëfrekwensiewoorde<br>• Klank onbekende woorde<br>• Lees vlot, let op na leestekens<br>• Beantwoord hoër-orde-vrae | **Ek benodig**<br>• Meer dinge om te lees.<br>• Oefen lees in GBL en op my eie. |
| Vlak 4 | **Ek kan Verstaan wat ek lees**<br>• Voorspel betekenis vanuit die titel/ illustrasies<br>• Let op na leestekens<br>• Lees met uitdrukking<br>• Beantwoord vrae | **Ek benodig**<br>• Leer my, asseblief.<br>• Oefen lees in GBL en op my eie. |
| Vlak 3 | **Ek kan Hardop lees**<br>• Klank woorde<br>• Herken hoëfrekwensiewoorde<br>• Lees 1–3 kort sinne hardop<br>• Lees hulle teen 'n goeie pas | **Ek benodig**<br>• Help my om dit te klank.<br>• Gee vir my hoëfrekwensiewoorde om te leer.<br>• Oefen lees in GBL. |
| Vlak 2 | **Ek kan Letters herken**<br>• Tel letters in 'n woord<br>• Sê watter letters is dieselfde<br>• Benoem klanke<br>• Vind hoofletters | **Ek benodig**<br>• Leer my, asseblief.<br>• Kyk saam met my na die alfabet.<br>• Oefen lees in GBL. |
| Vlak 1 | **Ek kan Klanke in woorde hoor**<br>• Klap lettergrepe<br>• Tel lettergrepe<br>• Sê beginklanke<br>• Sê eindklanke<br>• Tel die klanke in 'n woord<br>• Herken die klank wat nie pas nie | **Ek benodig**<br>• Leer my, asseblief.<br>• Gee vir my 'n paar voorbeelde.<br>• Oefen lees in GBL. |



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 27 2023/11/22 12:23

## ONAFHANKLIKE WERK (OW)



### Doel

Hoe meer hulle oefen, hoe vinniger en beter sal leerders lees en skryf. Gedurende OW-lesse sal leerders:

- onafhanklik kan lees en skryf en so vir hoër grade voorberei
- leesmotivering ontwikkel deur interessante, outentieke tekste te lees (Graad 3)
- se agtergrondkennis verdiep wat sal bydra tot begrip (Graad 3).

### Vordering

➤ **Graad 1** Leerders werk hoofsaaklik in die LAB. In Kwartaal 1 versterk die take die konsepte van gedrukte teks. In Kwartaal 2–4 sluit take die volgende in: hersiening van klanke, Lees in pare en aktiwiteite uit die DBO-werkboek.

➤ **Graad 2** Onafhanklike Werk word aan die begin van die week op die bord geskryf. Leerders lees in pare uit die LAB, en doen dan handskrifoefeninge in hul oefenboeke. Hulle voltooi ook die DBO-werkboekbladsye en vul hul persoonlike woordeboeke aan. Dit word elke week herhaal.

➤ **Graad 3** Onafhanklike Werk fokus op leesoefening. Daar is vyf tekste in die LAB, een vir elke dag van die week. Dit wissel van Lewensvaardigheidsonderwerpe tot hoofstukke uit stories. Elke Vrydag is daar 'n hersieningsles.

### Metodieke

#### *Begin onafhanklik werk*

Elke dag gedurende GBL doen die klas betekenisvolle onafhanklike werk terwyl jy met 'n GBL-leesgroep werk. Dit verg oefening om die klas te laat verstaan wat dit beteken om onafhanklik te werk.

**Stap 1**

- Verduidelik dat Onafhanklike Werk beteken dat leerders die werk op hul eie doen sonder om jou hulp te vra.
- Dit is nie vir punte nie, maar is waardevolle oefening, so leerders moet probeer of "'n kans waag".
- Jy kan demonstreer dat Onafhanklike Werk nie praat, 'n geraas maak, speel, of om jou aandag te probeer trek, insluit nie.

**Stap 2**

- Gee 'n oefentaak (*leerders teken 'n prentjie van hul huis*).
- Gee 'n teken vir leerders om te begin. Herinner hulle om nie te praat nie.
- Sê ná 5 minute vir hulle om te stop.

**Stap 3**

- Gaan elke dag hiermee voort terwyl jy die tyd elke dag langer maak totdat hulle vir 15 minute op hul eie kan werk.
- Sit by jou tafel en doen nasienwerk om te wys dat jy nie gedurende hierdie tyd beskikbaar is nie.
- **Let wel:** Die OG vir Graad 1 Kwartaal 1 verduidelik hoe om dit met baie jong leerders te doen. In Graad 2 en Graad 3 behoort die leerders reeds te weet hoe om onafhanklik te werk.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 28 2023/11/22 12:23

## *Onafhanklike Werk (OW)*

### Graad 1 (LAB)

Die **Graad 1** OW-aktiwiteite word in die LAB verskaf. Dit is aan die einde van elke week saamgegroepeer. Dit sluit in:

- Klankhersieningsbladsye
- Lees in pare-bladsy
- DBO-werkboekaktiwiteitsbladsy

Hierdie aktiwiteite moet een vir een gedemonstreer en onderrig word.

#### Klanke

- Werk saam met die hele klas om aktiwiteite te voltooi voordat jy hulle op hul eie laat werk.
- Leer leerders hoe om te weet wat om op elke bladsy te doen. Lei hulle om vir die potlood of 'n voorbeeld te kyk en op te let of die aktiwiteit ooreenstem met een wat hulle vantevore gedoen het.

#### Lees in pare

- Demonstreer hoe om in pare te lees en laat die klas dit oefen terwyl jy waarneem. Jy sal dit moontlik 'n paar keer moet herhaal.
- Leerders lees in pare/groepe van drie, en ondersteun mekaar. Die teks is voorheen in GL gelees, maar word nie deur prente ondersteun nie.
- Hulle raak liggies aan hul maat se arm, indien hulle hulp nodig het.
- 'n Vraag kan verskaf word vir die maat om te vra.

#### DBO-werkboekaktiwiteite

- Wys leerders hoe om die bladsy in hul eie DBO-werkboek te vind en die aktiwiteit te voltooi.

### Graad 2 (OG)

Agt take word verskaf. Skryf aan die begin van die week die take op die bord soos aangedui in die OG. Dit sluit in:

- Lees in pare
- Handskrif (drie take, voltooi in oefenboeke)
- DBO-werkboekaktiwiteite (drie bladsye)
- Skryf woordeskat in persoonlike woordeboeke

Hierdie aktiwiteite moet een vir een deur jou gedemonstreer en onderrig word.

#### Lees in pare

- Leerders lees in pare/groepe van drie wat mekaar ondersteun.
- Hulle raak liggies aan hul maat se arm, indien hulle hulp nodig het.

#### Handskrif (drie keer per week)

- Skryf aan die begin van die week die handskriftake op die bord. Hierdie take is vir onafhanklike oefening in hul oefenboeke.
- Leerders kopieer die patroon/letters/woorde/sinne vanaf die bord.
- Hulle doen dit vir 15 minute lank.
- Leer hulle om hul eie handskrif te assesseer en om die letters waarop hulle die trotsste is, te omkring vir jou aandag.

#### DBO-werkboekbladsye vir Huistaal en Lewensvaardigheid

- Bladsyverwysings vir die DBO-werkboeke word aangedui. Verduidelik aan leerders hoe om die regte bladsy te vind en die aktiwiteit te doen.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 29 2023/11/22 12:23

#### Persoonlike woordeboek

- Skryf woorde op die bord vir leerders om in hul persoonlike woordeboeke te skryf.

#### Graad 3 (LAB)

- Vyf kort tekste word elke week vir leesoefening verskaf. Die eerste teks bestaan uit sinne gebaseer op bekende klanke sodat byna al leerders dit kan lees. Die volgende vier tekste verbreed leerders se agtergrondkennis terwyl dit ook leesoefening verskaf. Elke teks het 'n kort aktiwiteit of vrae.
- **Let wel:** Hierdie tekste kan as Lees in pare gebruik word.

#### Onderrig

- Hersien wat om te doen as jy by 'n woord kom wat jy nie verstaan nie (*Kyk na die dele van die woord, klank die letters, raai wat dit beteken en lees verder*).
- Verduidelik wat om te doen wanneer jy klaar die teks gelees het (*Beantwoord die vrae in jou oefenboek*).

#### Oorsig elke Vrydag

- Op Vrydae lees jy die vyf Onafhanklike Leestekste **vir** leerders terwyl hulle in hul boeke volg. Dit verseker dat alle leerders die voordeel van die bykomende kennis kry.
- Beantwoord vrae mondelings.
- Leerders korrigeer self hul skriftelike werk.
- Verduidelik enige woorde wat leerders problematies gevind het.

## Differensiasie

- Leerders voltooi wat hulle kan en werk teen hul eie pas. Dit is daarom selfgedifferensieerd.
- Hierdie aktiwiteite tel nie vir punte nie en sal nie getoets word nie. Moedig dus alle leerders aan om "'n kans te waag" of te probeer.
- Aktiwiteite kan in pare of klein groepies gedoen word, indien leerders sukkel.
- Kopieer vir baie swak leerders 'n bladsy uit 'n werkboek vir 'n laer graad om te voltooi.
- Daar behoort 'n addisionele taak of voorstel te wees vir diegene wat die taak voltooi, byvoorbeeld, lees 'n boek, kleur in, vergelyk werk met 'n ander leerder wat gou klaar is, ens.

## Assessering van Onafhanklike Werk

### *Informele assessering*

- Neem elke week al die boeke in om die werk te kontroleer, hetsy dit self nagesien is of nie.
- Konsekwente swak uitslae wys swak lees- en skryfvaardighede uit. Oorweeg 'n ander aktiwiteit in die LAB op die leerder se vlak, dalk van 'n laer vlak.


### *Formele assessering*

Daar is geen formele assessering nie, maar die spoedleestoets en begripstoetse sal algehele vordering meet.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 30 2023/11/22 12:23

## HANDSKRIF



### Doel

Leesbare handskrif maak geskrewe kommunikasie doeltreffend en is nodig om akademiese take betyds te voltooi. Gedurende Handskriflesse sal leerders:

- leer om letters korrek te vorm en woorde in drukskrif en lopende skrif te skryf
- teen 'n goeie pas skryf
- met goeie postuur en greep skryf sonder om pyn en moegheid te ervaar wat tot stadige skryfspoed en onleesbaarheid kan lei.

### Vordering

➤ **Graad 1** *Voorgestel: Skoon vel papier, met ligte breë lyne*

**Kwartaal 1:** Voorbereiding vir skryf. Patrone. Enkel kleinletters (volgorde van leer skakel met klanke)
**Kwartaal 2:** Enkel kleinletters, volgorde skakel met klanke
**Kwartaal 3:** Hoofletters, kort woorde
**Kwartaal 4:** Sinne

➤ **Graad 2** *Voorgestel : Ligte breë lyne; dan Ierse lyne*

**Kwartaal 1:** Hersien hoof- en kleinletters van enkel letters (enige volgorde)
**Kwartaal 2:** Woorde en sinne
**Kwartaal 3:** Woorde en sinne
**Kwartaal 4:** Inleiding tot lopende skrif saam met oefening in drukskrif

➤ **Graad 3** *Voorgestel: Normale ligte lyne*

**Kwartaal 1:** Kleinletters in lopende skrif
**Kwartaal 2:** Hoofletters in lopende skrif
**Kwartaal 3:** Verbindings, woorde en sinne in lopende skrif
**Kwartaal 4:** Sinne in lopende skrif

### Metodieke

#### *Begin handskrif in Graad 1, Kwartaal 1*

**Aan die begin van Graad 1**, sal sommige leerders moontlik nog nie fynmotoriese bewegings kan beheer nie. Om letters in 'n oefenboek te skryf vereis van leerders om wat hulle sien met hul handbewegings te koördineer (visuele motoriese integrasie). Die klein spiertjies in hul vingers is nog besig om te ontwikkel en hulle kan moontlik sukkel om 'n potlood korrek vas te hou. Hierdie vaardighede ontwikkel oor tyd. Dit is daarom raadsaam om vir die eerste paar weke van die jaar **groot bewegings** tydens Handskriflesse te oefen as 'n nuwe letter bekendgestel word. Die nuwe letter kan die volgende dag in hul oefenboeke geoefen word.

Voorbeelde van handskriftake met groot bewegings:

- Vorm die letter in die lug of in jou handpalm.
- Vorm die letter met 'n stuk bordkryt op 'n sementblad/plaveisel of met 'n stok in die sand. Leerders kan op die letter loop en sê watter klank die letter maak.
- Leerders kan 'n verfkwas met water gebruik om letters op sement te "verf". Hulle kan die klank sê wat die letter maak terwyl hulle dit skryf.
- Leerders kan klei in lang stukke rol en dit gebruik om 'n letter uit klei te maak.

**Let wel:** In **Graad 1** skakel Handskrif met klanke. Leerders sal dus tegelykertyd leer om die letter te vorm en watter klank die letter maak.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 31 2023/11/22 12:23

## *Demonstrasie van handskriflesse (alle grade)*

***Hoekom?*** *Leerders moet die korrekte letterformasie sien. Hulle moet die korrekte potloodgreep, postuur en handbewegings hê.*

**Stap 1: Voorbereiding**

- Trek stelle van vier lyne op die bord. Dit kan permanent (verf) of semipermanent (bordkryt wat in suikerwater gedoop is) wees.
- Leerders het hul LAB, oefenboek en 'n skerp potlood nodig. Geen uitveërs mag gebruik word nie.
- Jy kan dit oorweeg om 'n stel handskrifpotlode in 'n blikkie gereed te hou en hulle voor handskriflesse te laat skerp maak.
- Leerders se hande moet skoon wees. Lessenaars moet na die bord gerig wees.
- Leerders maak hul lessenaars skoon en sit met albei voete plat en effens uit mekaar op die vloer.

**Stap 2: Opwarming (1–2 min.)**

- Doen 'n paar opwarmingsoefeninge met arms (groot bewegings) en vingers (klein bewegings). Dit kan 'n speletjie wees, byvoorbeeld: *Simon sê ...; Windmeule!*

**Stap 3: Demonstrasie (5 min.)**

- Trek eers die skryfpatroon op die eerste stel lyne.
- Leerders kyk terwyl jy die patroon op die bord demonstreer.
- **Letters:** Sê duidelik waar om te begin en te eindig. Beskryf presies hoe om die letter korrek te vorm terwyl jy skryf, byvoorbeeld: *"Gaan om en op en af."*
- **Woord:** Sê duidelik waar om die woord te begin skryf, die naam van elke letter en hoe om die korrekte spasiëring tussen letters, tussen woorde en tussen die skryflyne te gebruik.
- **Met lopende skrif:** Praat duidelik as jy die verbindingslyne (bo of onder) verduidelik. Demonstreer dit op die bord sonder om die kryt op te lig terwyl jy skryf.
- **Demonstreer twee keer**.

**Stap 4: Skryf (2 min.)**

- Leerders skryf eers **met 'n vinger op die tafel** terwyl jy die tweede demonstrasie doen. Laat hulle begin om saggies die bewegings te beskryf.
- Leerders begin dan skryf. Hulle skryf eers die datum en een letter.
- Loop deur die klas en kyk na:
  - **potlood-en-papier-greep:** paddabeengreep (driepootgreep), niedominante hand hou papier vas
  - **postuur:** sit regop sonder om kop af te buig en met die elmboog vry om te beweeg
  - **druk:** gepaste druk op papier
  - **korrekte letterformasie:** begin en eindig letters op die regte plekke, weet wanneer om die potlood op te lig, skryf met netjiese verbindingslyne (lopende skrif).
- As die eerste letter korrek geskryf en nagesien is, voltooi leerders 'n hele ry daarvan.
- Gaan skryfwerk in die eerste ry na. As dit korrek is, kan hulle nóg 'n ry letters skryf.
- Jy kan, byvoorbeeld, ook 'n woord of 'n paar letterkombinasies op die bord skryf vir leerders om te kopieer.

**Let wel:** In 'n tabel op bladsy 34 word die letterformasies vir hoofletters en kleinletters in drukskrif duidelik beskryf.

## *Handskrifoefenlesse*

***Hoekom?*** *Leerders moet skryf oefen totdat hulle glad en leesbaar kan skryf.*

- Leerders moet elke dag vir 15 minute handskrif oefen.
- Werk in 'n oefenboek, afhangende van departementele spesifikasies.
- Handskriflesse kan deel vorm van Onafhanklike Werk of dit kan 'n klasaktiwiteit wees.
- Moedig leerders aan om hul eie werk te evalueer. Leerders kan die beste letter of woord kies wat nagesien kan word, deur dit te omkring of te merk.
- Neem aan die einde van die week die oefenboeke in om vordering na te gaan.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 32 2023/11/22 12:23

## Differensiasie

- Laat linkshandige leerders aan die linkerkant van 'n lessenaar sit. Help hulle om hul papier met hul regterhand vas te hou. Help hulle om hul potlode korrek vas te hou.
- Maak seker dat elke leerder die korrekte hulpmiddels het. Om met 'n stomp of baie kort potlood te werk, sal netjiese handskrif bemoeilik.
- Fynmotoriese beheer word deur oefening aangeleer. Moedig leerders aan om by die huis teken en te skryf. Skep oefengeleenthede vir leerders wat nog nie hierdie vaardighede ontwikkel het nie.
- Jy kan, byvoorbeeld, ook 'n stel handskrifkaarte vir addisionele oefening maak. Plak natrekpapier oor elke kaart sodat leerders die letters daarop kan kopieer.

## Assessering van Handskrif

### *Informele assessering*

- **Demonstrasieles:** Kontroleer en korrigeer foute onmiddellik, byvoorbeeld: verkeerde potloodgreep, verkeerde hand waarmee papier vasgehou word, te hard druk, potlood oplig, nie tussen die lyne skryf nie.
- Doen nog oefeninge, kontroleer LAB'e en oefenboeke elke week. Merk korrekte letters, en dui aan: waar letters en woorde nie op die lyn geskryf is nie, verkeerde spasiëring en verkeerde letterformasies.
- Leerders doen verbeteringe in hul oefenboeke.
- Kyk ook na al die skryfwerk van leerders in hul ander vakke om handskrifvordering te kontroleer.

### *Formele assessering*

#### Handskriftoets

***Hoekom?*** *Om letterformasie en skryfproses te kontroleer.*

- 'n Voorbeeldtoets gebaseer op werk wat in die kwartaal gedek is, word in die OG verskaf.
- Gebruik 'n rubriek om regverdig na te sien.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 33 2023/11/22 12:23

## LETTERFORMASIE

### Beskrywing van hoe om letters te vorm (artikulasie)

| | |
|---|---|
| a | Begin by die kol, in die rondte om, maak die sirkel toe, dan op en af. |
| b | Begin by die kol, gaan af, op en dan rond en om. |
| c | Begin by die kol en gaan in die rondte om. |
| d | Begin by die kol, in die rondte om, maak die sirkel toe, op tot bo en dan weer regaf. |
| e | Begin by die kol, gaan reguit na regs, stop en gaan in die rondte om. |
| f | Begin by die kol, in die rondte en regaf. Lig op, begin in die middel en kruis van links na regs. |
| g | Begin by die kol, gaan in die rondte om, maak die sirkel toe, dan op en af tot onder en om. |
| h | Begin by die kol, gaan regaf tot onder, halfpad op, om en af. |
| i | Begin by die kol, gaan af. Lig en maak 'n kolletjie. |
| j | Begin by die kol, regaf en om. Lig en maak 'n kolletjie. |
| k | Begin by die kol en gaan regaf. Lig en maak 'n been na links en 'n been na regs af. |
| l | Begin by die kol en gaan regaf. |
| m | Begin by die kol, gaan af en op, om en af, op en om en af. |
| n | Begin by die kol, gaan af en op, om en af. |
| o | Begin by die kol, al in die rondte om, maak die sirkel toe. |
| p | Begin by die kol, en gaan regaf. Dan op en om in die rondte. |
| q | Begin by die kol, in die rondte om, maak die sirkel toe, dan op en regaf. Stop en maak 'n stertjie na regs. |
| r | Begin by die kol en af, op en om. |
| s | Begin by die kol, gaan om en krul na regs en weer om. |
| t | Begin by die kol en gaan af en om. Lig op en trek 'n strepie van links na regs. |
| u | Begin by die kol en gaan af, om en weer op. Gaan dan weer af tot onder. |
| v | Begin by die kol, gaan skuins af en dan weer skuins op. |
| w | Begin by die kol, gaan skuins af en skuins op, skuins af en skuins op. |
| x | Begin by die kol, gaan skuins af na regs. Lig op en begin weer bo, skuins af na links. |
| y | Begin by die kol, gaan af en rond en op. Gaan dan af tot onder en rond en om. |
| z | Begin by die kol, gaan na regs. Stop en gaan skuins na links. Stop en gaan reguit na regs. |



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 34 2023/11/22 12:23






3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 35 2023/11/22 12:23

GELETTERDHEID – HUISTAAL






3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 36 2023/11/22 12:23

a b c d e f g
h i j k l m n
o p q r s t u
v w x y z

A B C D E F G
H I J K L M N
O P Q R S T U
V W X Y Z


Kort liedjies vir al die letterklanke wat aangeleer word, kan aanlyn afgelaai word by https://fundawande.org/video-resources.

Luister vooraf na die liedjie en leer dit dan vir die leerders.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 37 2023/11/22 12:23

## SKRYF



### Doel

Om samehangend en korrek te skryf is 'n belangrike aspek van KATV. Gedurende Skryflesse sal leerders:

- oefen om grammatikaal korrekte sinne en gestruktureerde paragrawe te vorm
- vir spesifieke doelwitte in vlak-toepaslike genres skryf, soos lyste, resepte, dagboek
- die korrekte tydsvorm, leestekens en spelling gebruik
- persoonlike gevoelens en ervaringe skriftelik kommunikeer
- skeppend skryf deur hul verbeelding te gebruik, byvoorbeeld, 'n prentonderskrif, 'n storie
- vir inligting skryf deur informatiewe strukture, soos beskrywings en eksperimente te gebruik.

### Vordering

➤ **Graad 1** Teken, 'n vorm van geskrewe uitdrukking, word by die meeste skriftelike aktiwiteite ingesluit. Skryf word gebaseer op die Gedeelde Leesstorie of op persoonlike ervaringe, en daarom behoort woordeskat bekend te wees. Sommige vlak-toepaslike tekstipes (genres), soos lyste en byskrifte, word bekendgestel. Leerders word gehelp om sinne, en nie frases nie, te skryf deur eenvoudige leestekens te gebruik en hoëfrekwensiewoorde korrek te spel. Hulle skryf minstens drie sinne op hul eie teen die einde van Graad 1.

➤ **Graad 2** Skryfwerk in Graad 2 sluit aan by die Gedeelde Leesstorie of tema van die week. Leerders begin die skryfproses gebruik om te skryf en te redigeer. Hulle skryf elke week ook hul persoonlike nuus. Verskillende tipes tekste word elke week bekendgestel, soos kaartjies, briewe en stories. Hulle skryf 4–6 sinne en begin om in paragrawe te skryf. Hulle gebruik meer leestekens, enige van die drie tydsvorme, en spel algemene woorde korrek. Tyd vir redigering word toegeken.

➤ **Graad 3** Skryfwerk in Graad 3 sluit nou by die tema van die week aan. Verskillende genres word een vir een oor 2–3 weke onderrig. Leerders skryf 'n verskeidenheid tekste vir spesifieke doeleindes, wat die volgende insluit: oorvertellings, boekresensies, dagboekinskrywings, eskperimente, dialoë en wetenskaplike beskrywings. Sowel fiksie- as niefiksieteksstrukture word hiervoor gebruik. Leerders behoort 8–12 sinne of 2–3 paragrawe te skryf, afhangende van die genre. Sinne behoort kort, langer en saamgestelde sinne, korrekte leestekens en korrekte spelling van alle algemene woorde in te sluit.

### Metodieke

#### *Opeenvolgende skryfaktiwiteite deur die week (scaffolding)*

***Hoekom?*** *Deur groter skryfaktiwiteite op te breek in kleiner take (wat elk fokus op 'n vaardigheid wat nodig is om die groter skryfaktiwiteit te kan voltooi), lewer uiteindelik beter skryfsukses.*

**Stap 1: Onderrig alle lesse met skryf in gedagte**

- Lees die skryfonderwerp aan die begin van die week.
- Fokus op hoe nuwe leer uit Mondelinge werk, Woordeskat en Taallesse in Skryfwerk gebruik kan word.
- Vestig gedurende Gedeelde Lees die aandag op tekskenmerke van, byvoorbeeld, paragrawe, opskrifte en onderskrifte. Wys ook op taalaspekte, byvoorbeeld, tydsvorm, wie skryf, spesiale leestekens.

**Stap 2: Skryfraam of sinsbeginners**

- Gebruik die skryframe of sinsbeginners wat verskaf word in **Skryflesse**.
- Demonstreer die skryfproses in **Gedeelde Skryf**.
- Voordat jy leerders onafhanklik laat skryf, verduidelik jou **nasienkriteria** (dit waarna jy kyk).
- Skryfwerk word in 'n oefenboek gedoen.
- Die datum moet by alle skryfwerk aangedui word.

**Stap 3: Redigeer self**

- Moedig leerders aan om hul skryfwerk vir mekaar te lees en self te redigeer voordat hulle dit ingee.

## *Gedeelde Skryf*

***Hoekom?*** *Demonstreer hoe om tekste te skryf en te redigeer; demonstreer hoe gedagtes, woorde en skryfwerk by mekaar aansluit; gee voorbeelde van korrekte taalpatrone en spelling; onderrig die kenmerke van 'n spesifieke genre.*

**Stap 1: Voorbereiding**

- Berei voor vir die Gedeelde Leesaktiwiteit deur die skryfraam, sinsbeginners en/of vrae in die OG op die bord te kopieer.

**Stap 2: Onderrig**

- Jy is die skriba (skrywer). Leerders gee idees en mondelinge sinne.
- Indien van toepassing, lees of verwys na 'n voorbeeld van die genre van skryf, byvoorbeeld: 'n dagboek.
- Verduidelik die doel van die tipe skryfwerk (*Hoekom hou ons* 'n *dagboek? Wie lees dit?*).
- Lees die skryfraam/sinsbeginners **saam met** leerders.
- Dinkskrum mondelings idees. Kies die beste idee of skryf 'n paar voorstelle aan een kant van die bord. Leerders kan stem watter idee hulle wil gebruik.
- Wanneer jy skryf, laat leerders jou help (*Watter woord skryf ek eerste? Moet ek 'n hoofletter hier skryf? Hoe spel 'n mens* ...) sodat hulle die proses en hoe 'n teks geskep word, kan sien.

**Stap 3: Lees**

- Wanneer die teks voltooi is, lees die klas dit almal saam.
- Laat die Gedeelde Leesteks op die bord as verwysing vir Onafhanklike Skryf.
- Om die aktiwiteit uit te brei kan leerders die nuwe teks in hul oefenboeke kopieer en dit illustreer.

## *Onafhanklike Skryf*

***Hoekom?*** *Bied 'n geleentheid aan leerders om met 'n doel te skryf. Daar is verskillende vorme van Onafhanklike Skryf in die FW-program.*

1. **Gestruktureerde skryf**

   Gebruik 'n skryfraam of sinsbeginners om leerders te help om in 'n spesifieke genre te skryf.

   **Stap 1: Pre-skryfbespreking (2–3 min.)**

   - Hersien die doel van die genre.
   - Lees weer die teks wat in Gedeelde Skryf geskep is.
   - Verduidelik jou nasienkriteria (waarna jy gaan kyk) voordat hulle skryf.

   **Stap 2: Kies idees**

   - Leerders kies hul eie idees.
   - Hulle gebruik die skryfraam om hul skryfwerk te struktureer.

2. **Skryf vrylik**

   Bied leerders 'n spanningsvrye geleentheid om skryfvertroue te ontwikkel.

   **Stap 1: Pre-skryfbespreking (1–2 min.)**

   - Lees die instruksies.

   **Stap 2: Leerders skryf**

   - Leerders skryf vrylik gebaseer op die taak.
   - Moedig hulle aan en komplimenteer hulle vir nuwe en interessante idees en woordeskat.
   - Moedig hulle aan om "'n kans te waag" met idees en spelling.
   - Verduidelik dat jy die werk sal lees en daarop kommentaar sal lewer eerder as om 'n punt toe te ken.

3. **Skeppende skryfwerk**
   Om leerders se verbeelding en kreatiwiteit te ontwikkel.

   **Stap 1: Pre-skryfbespreking (2–3 min.)**
   - Herinner leerders aan soortgelyke stories wat hulle vorheen gehoor of gelees het.
   - Indien jy Gedeelde Skryf gedoen het, lees weer die teks wat geskep is.
   - Herinner leerders aan die dinkskrumoefening en die idees wat gegenereer is.
   - Verduidelik waarna jy gaan kyk as jy die werk lees of nasien (interessante idees, verbeeldingryke mense of plekke).

   **Stap 2: Kies idees**
   - Leerders kies hul eie idees.
   - Sodra hulle klaar is, kan hulle ’n prent teken wat by hul skryfwerk pas.

4. **Persoonlike nuus**
   Om oor hul eie ervaringe gedurende die afgelope week te skryf.

   **Stap 1: Pre-skryfbespreking (2–3 min.)**
   - Skryf die vraagwoorde op die bord of verwys na die raamwerk of ikone, indien van toepassing.
   - Lees die instruksies.
   - Herinner leerders daaraan dat, as hulle nuus skryf, hulle vir hulself die volgende vrae moet vra: **wanneer**, **wie**, **waar**, **wat gebeur het** en **hoe hulle gevoel het**.

   **Stap 2: Deel nuus met ’n maat**
   - Leerders deel hul nuus vinnig met ’n maat deur die vraagwoorde as aansporing te gebruik.

   **Stap 3: Skryf nuus**
   - Leerders skryf hul nuus deur óf die raamwerk óf hul eie formaat te gebruik.

   **Stap 4: Illustreer nuus**
   - Leerders kan hul nuus illustreer.

**Skryfproses: Redigering en hersiening**

***Hoekom?*** *Stel leerders bekend aan die eenvoudige redigering van hul eie skryfwerk en om skryfproses te ervaar.*

**Let wel:** Jy kan die tyd gebruik om enige taal- of skryfvaardigheid waarop jy wil fokus vas te lê, byvoorbeeld: gebruik van leestekens en hoofletters; sinstruktuur en -lengte; struktuur van paragrawe; spesifieke woordsoorte soos byvoeglike naamwoorde, voornaamwoorde en bywoorde.

**Stap 1: Kies een van die week se skryfaktiwiteite**
- Verduidelik die taal- of tekskenmerk vir die week soos in die OG geïdentifiseer, byvoorbeeld: kontroleer leestekens, voeg byvoegelike naamwoorde in, gebruik voornaamwoorde, ens. Fokus slegs op een kenmerk per keer.

**Stap 2: Redigeer of hersien onafhanklik**
- Leerders fluisterlees hul skryfwerk en identifiseer enige veranderinge wat hulle moet maak. Hulle merk die veranderinge met potlood.

**Stap 3: Redigeer of hersien in pare**
- Leerders lees hul geredigeerde tekste vir mekaar en maak voorstelle vir verdere verbeteringe.

**Stap 4: Skryf finale poging (slegs in Graad 3)**
- Leerders skryf die finale poging van hul teks in hul oefenboeke.

**Let wel:** Laat jou lei deur die OG, want nie elke skryfstuk hoef hersien en geredigeer te word nie.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 40 2023/11/22 12:23

## Differensiasie

- Leerders se individuele skryfwerk is selfgedifferensieerd.
- Noukeurige opeenvolgende kleiner aktiwteite van elke skryftaak gee alle leerders 'n kans om goed te skryf.
- Nasienwerk behoort gebalanseerd te wees om verskillende sterkpunte te erken (sien hieronder).
- Kommentaar ná skryfwerk moet opbouend wees.
- Stal goeie skryfwerk uit of lees dit vir die klas as aansporing.

## Assessering van skryfwerk

### *Informele assessering*

- Neem skryfwerk elke week in.
- Dit is belangrik om van die skryfwerk na te sien, maar soms is slegs 'n kort opmerking voldoende.
- Sien op 'n gebalanseerde manier na en pas die kriteria vir elke taak aan.

**Ken 50% van die punte toe vir die inhoud.**

- Indien van toepassing, kyk vir:
  - logiese skryfwerk, nie lukrake gedagtes nie
  - idees wat van jou voorbeeld afwyk (moet aangemoedig word)
  - interessante woordkeuses (byvoeglike naamwoorde, bywoorde, voornaamwoorde wat skryfwerk interessanter maak)
  - logiese volgorde, paragrafering gebaseer op een hoofgedagte per paragraaf
  - duidelike begrip van die genre
  - korrekte uitleg van die genre
  - goeie illustrasies, indien nodig.

**Ken 50% van die punte toe vir taal en spelling.**

- Indien van toepassing, kyk vir:
  - sinne eerder as frases
  - korrekte sinstruktuur
  - toepaslike leestekens; korrekte spelling van hoëfrekwensiewoorde
  - poging om klankkennis te gebruik om korrek te spel
  - konsekwente gebruik van tydsvorm
  - toepaslike tydsvorm vir genre
  - variasie in sinslengte
  - voegwoorde.

### *Formele assessering*

Twee skryfonderwerpe, asook nasienriglyne, vir elke kwartaal word in die OG verskaf. 'n Rubriek kan ook gebruik word. Die take is in kleiner skryftake opgebreek en vorm deel vorm van die kwartaal se werk, maar kan vir assessering gebruik word.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 41 2023/11/22 12:23

# Onderrig Lewensvaardigheid

## Vordering

**➤ Graad 1**

- AK en PSW word by die AK-lesse geïntegreer, alhoewel verskillende temas die een of die ander kan beklemtoon. Nuwe onderwerpe begin altyd met die gebruik van leerders se bestaande kennis.
- Lees-om-te-leer-tekste is kort en goed geïllustreer om leerders se belangstelling te wek, en daar is elke week aktiwiteite om te doen. Vir elke week is daar ’n onderwyserstorie om ’n storie te vertel of om iets te verduidelik wat leerders nog oor die onderwerp moet weet. Foto’s en professionele illustrasies word gebruik om die onderwerpe lewe te gee.

**➤ Graad 2**

- Elke nuwe tema begin en eindig met ’n KWL-aktiwiteit om leerders se bestaande kennis te toets en uit te vind wat hulle wil leer. In Graad 2 word dit mondelings gedoen en op die bord geskryf.
- Dit word opgevolg met lees-om-te-leer-bladsye wat inhoudskennis en aktiwiteite verskaf wat op ondersoek- en prosesvaardighede fokus.
- PSW word by Geletterdheid geïntegreer deur Luister- en Praatlesse.
- Aan die einde van ’n tema word die KWL-kaart op die bord voltooi.
- In elke tema is daar ’n *Vind uit*-bladsy met ’n vraag vir leerders om by die huis na te vors.

**➤ Graad 3**

- Elke nuwe tema begin met ’n Hardopleesteks om die onderwerp bekend te stel en te verduidelik. Gaan dan voort met ’n KWL-aktiwiteit om te kyk wat leerders reeds weet. Dit word mondelings gedoen, op die bord gedoen en deur leerders in hul oefenboeke geskryf.
- Dit word opgevolg met lees-om-te-leer-bladsye wat inhoudskennis en aktiwiteite verskaf wat op ondersoek- en prosesvaardighede fokus. PSW word by die temas geïntegreer.
- Meer Geletterdheidstekste is hierdie jaar niefiksie en dit dra by tot leerders se inhoudskennis. Verskillende niefiksieteksstrukture, soos om ’n eksperiment te skryf of ’n dier te klassifiseer, word tydens Skryf onderrig, en sluit aan by die AK-tema.
- Die belangrike konsepte en woordeskat wat in elke tema geleer word, word vooraf getoets met ’n *Duime op/Duime af*-aktiwiteit.
- Die tema word verder uitgebrei deur vier geïllustreerde onafhanklike leestekste wat by die onderwerp aansluit, maar glad nie getoets word nie.

## AANVANGSKENNIS (AK)

### Doel

Basiese algemene kennis onderlê die leer van Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis en Geografie), Natuurwetenskappe en Tegnologie in hoër grade en verbeter leerders se interaksie met die wêreld.
Gedurende AK-lesse sal leerders:

- kreatiwiteit, kritiese denke, kommunikasie en samewerking ontwikkel
- konsepte en vaardighede ontwikkel, veral wetenskaplike ondersoek- en prosesvaardighede
- bydra tot leesbegrip deur hul algemene kennis en woordeskat uit te brei.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 42 2023/11/22 12:23

## Vaardighede wat onderrig word

### *Ondersoekvaardighede*

- **Neem waar:** Gee noukeurig aandag aan kleur, vorm, grootte, tekstuur, ooreenkomste, verskille.
- **Vergelyk:** Hoe is goed dieselfde of verskillend? Neem kleur, vorm, grootte, tekstuur, ouderdom, gebruik in ag.
- **Klassifiseer:** Rangskik goed in kategorieë op grond van ooreenstemmende eienskappe.
- **Meet:** Meet goed volgens grootte, kapasiteit, groei, hoogte, gewig, lengte, temperatuur.
- **Experimenteer:** Doen eksperimente om voorspellings te toets. Waarneming en optekening van wat gebeur is belangrik.
- **Vors na:** Moedig leerders aan om inligting uit te vind deur ander te vra, daaroor te lees en dit waar te neem.
- **Kommunikeer:** Teken aan, beskryf en verduidelik deur te praat, te teken, te skryf, grafieke, diagramme, dramatisering.

### *Prosesvaardighede*

Wanneer leerders iets maak, moet jy hulle help om op sowel die **proses** as die **produk** te fokus.

- **Die probleem/behoefte/begeerte:** Wat het ons nodig? Hoe kan ons die probleem oplos?
- **Vors na (vind uit):** Watter materiaal moet ons gebruik? Wat kan ons maak?
- **Ontwerp:** Beplan en teken wat hulle gaan maak.
- **Maak:** Gom, knip, plak, rol, ens.
- **Evalueer:** Is die produk geskik vir die doel? Watter veranderinge sal dit beter maak?

## Voorbereiding vir AK

Die KABV het 'n lys met onderwerpe en temas vir elke graad en kwartaal. Hierdie lys is egter slegs 'n raamwerk van die inhoud wat leerders se algemene kennis sal uitbrei.

- Elke onderwerp verteenwoordig 'n volledige kennisveld (feite; teorieë, beginsels, idees, woordeskat).
- Verdiep jou kennis oor elke onderwerp deur 'n paar uur navorsing te doen via die internet, die gebruik van ensiklopedieë, woordeboeke, kollegas se kennis en ander bronne van inligting. Jy hoef nie alles wat jy geleer of uitgevind het, te onderrig nie, maar bykomende kennis sal jou onderrig verryk.
- Bykomende kennis bemagtig jou om vrae te kan beantwoord en te verstaan hoekom die onderwerp belangrik is.
- **Stap 1:** Lees eers die AK-bladsye vir die volledige tema in die LAB en OG voordat jy met die onderrig van 'n onderwerp begin. Dit sal jou 'n breë oorsig gee van wat en in watter volgorde gedek word. Vergelyk dit met die inligting in die DBO-werkboeke en kyk hoe dit mekaar kan aanvul.
- **Stap 2:** Dit is belangrik om jouself die volgende vrae te vra voordat jy met die onderrig van 'n onderwerp begin:
  - Hoekom is dit belangrik vir my leerders om oor hierdie onderwerp te leer?
  - Hoe kan ek hierdie onderwerp vir hulle meer relevant en waardevol maak?
  - Wat is die belangrikste konsepte en feite wat ek wil hê hulle moet aan die einde van hierdie nuwe leer weet?
  - Watter vaardighede kan ek met hierdie onderwerp onderrig? (*klassifisering, eksperimentering, ens.*)
  - Kan ek hierdie onderwerp interessanter maak met voorwerpe, plakkate, 'n ontdekkingstafel of boeke?
  - Hoe kan ek leerders help om meer navorsing oor hierdie onderwerp te doen?

## PERSOONLIKE EN SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID EN -WELSTAND (PSW)



## Doel

Hierdie lesse sal leerders help om positiewe bydraes te maak tot die klas, familie, gemeenskap en samelewing, en om die waardes wat 'n integrale deel van die grondwet is, toe te pas, insluitende verdraagsaamheid en inklusiwiteit. Gedurende PSW-lesse sal leerders:

- leer om hulself te versorg en na hul sosiale en emosionele gesondheid om te sien
- verstaan hoe om positiewe verhoudings met ander te hê.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 43 2023/11/22 12:23

## Voorbereiding vir PSW

- Soek vir geleenthede om PSW-onderrig met Aanvangskennisonderwerpe te integreer.
- Benut leergeleenthede wat spontaan in die klaskamer of gemeenskap ontstaan. Bou op leerders se bekommernisse en gesprekke wat informeel of tydens Oggendbespreking openbaar gemaak word.
- Gebruik ontspannings- en bewustheidsaktiwiteite in die klas as spanning ontstaan.
- Moedig deelname in en entoesiasme vir Liggaamsopvoeding- en Uitvoerende Kunsteaktiwiteite aan.
- Verduidelik spanwerk en gebruik groepwerk en spanaktiwiteite so gereeld moontlik.
- Demonstreer en moedig in alle lees die leerders aan om vriendelik te wees, om na ander te luister en om ander te respekteer.
- Binne hierdie konteks, onderrig leerders om:
  - hulself en hul liggame veilig en gesond te hou
  - mishandeling te herken en te identifiseer waar hulle hulp kan kry (belangrik dat jy uitvind waar hulp in jou omgewing beskikbaar is)
  - positief met maats om te gaan, vriendelik te wees en as 'n span saam te werk
  - probleme op te los deur te praat en te luister, en nie deur geweld nie
  - die kwesbares, die gestremdes en baie jonges te beskerm, deur, byvoorbeeld, boeliegedrag of tergery aan te meld
  - vir troeteldiere en ander diere om te gee en te versorg
  - die omgewing te beskerm en te leer hoe om rommel te hanteer.

## Metodieke

### *Lees-om-te-leer-lesse*

***Hoekom?*** *Ontwikkel lees-om-te-leer-vaardighede om toekomstige handboeke en niefiksietekste te lees; ontwikkel kennis van die struktuur van niefiksietekste en organisatoriese hulpmiddels soos tabelle; ontwikkel vaardighede om kennis oor te dra.*

#### Stap 1: Bestaande kennis

- Soos in Gedeelde Lees, lees die titel en stel leerders bekend aan die onderwerp.
- Vind uit wat hulle reeds oor die onderwerp weet (mondelings).

#### Stap 2: Nuwe kennis

- Wys die struktuur/formaat van die teks uit, byvoorbeeld: tabel, Venn-diagram, eksperiment, diagram met byskrifte, vergelyking, paragrawe met onderhofies, foto's met byskrifte, ens.
- Lees die teks stadig vir leerders terwyl jy alle nuwe woorde binne konteks verduidelik.
- Maak seker dat leerders **elke woord** verstaan, want hierdie inligting gaan getoets word.

#### Stap 3: Ná lees

- Vra leerders wat hulle geleer het. Aanvaar verskillende antwoorde, maar lei hulle na die belangrikste punte.

### *Aktiwiteits-/proseslesse*

***Hoekom?*** *Sodat leerders die nuwe kennis op 'n betekenisvolle manier kan toepas; fokus op sowel die proses as die produk.*

#### Stap 1: Voorbereiding

- Lees die aktiwiteit in die LAB.
- Kry en berei enige toerusting voor wat jy gaan nodig hê.
- **Besluit of dit 'n individuele, paar- of groepaktiwiteit is.**

#### Stap 2: Onderrig

- Herlees of som die lees-om-te-leer-teks op.
- Lees die instruksies in die LAB saam met leerders.
- Laat leerders toe om die werk te voltooi.
- Waarsku leerders 'n rukkie voor die aktiwiteit moet klaar wees.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 44 2023/11/22 12:23

## *Vind uit-lesse (Graad 2)*

***Hoekom?*** *Om eenvoudige navorsingsvaardighede te ontwikkel; om tuisbetrokkenheid by skoolonderrig aan te moedig.*

### Stap 1: Lees en bespreek

- Kyk na die prente op die *Vind uit*-bladsy in die LAB.
- Leerders praat oor wat hulle dink dit gaan. Hulle sê ook wat hulle reeds van die onderwerp weet.
- Lees die teks en die vraag.
- Leerders neem die vraag huis toe om die antwoord met die hulp van hul gesin/versorgers te vind.

### Stap 2: Gee terugvoering

- Gee aan die einde van die week mondelinge terugvoering. Jy kan 'n paar sinne op die bord skryf terwyl leerders vir jou die inligting gee.
- Leerders skryf dan wat hulle geleer het.

## *KWL-lesse (Graad 2 en Graad 3)*

***Hoekom?*** *Help leerders om kennis uit te brei deur nuwe inligting met bestaande inligting te integreer; gee oefening in die formulering van hul eie vrae en soeke na antwoorde; moedig leerders aan om te dink oor wat hulle geleer het.*




### Stap 1: Kopieer die KWL-kaart op die bord

Gebruik die kaart in die LAB soos hieronder. Let wel dat die beskrywings slegs vir onderwysers se aandag is.

### Stap 2: Dink-pare-deel

**Wat ons ken**

- **Dink:** Leerders dink oor wat hulle reeds oor die onderwerp weet.
- **Pare:** Die klas bespreek saam wat hulle reeds weet.
- **Deel:** 'n Paar leerders vertel vir die klas (gee elkeen 'n geleentheid deur die loop van die kwartaal).
- Teken sommige idees in ry 1 van die KWL-kaart op die bord aan.

**Wat ons wil weet**

- **Dink:** Leerders dink oor wat hulle wil weet.
- **Pare:** Die klas bespreek dit saam.
- **Deel:** 'n Paar leerders vertel vir die klas (gee elkeen 'n geleentheid deur die loop van die kwartaal).
- Teken sommige idees in ry 2 van die KWL-kaart op die bord aan.

### Stap 3: Skryf (slegs Graad 3)

- Leerders kies ten minste een ding uit elke van die eerste twee rye om in hul oefenboek te skryf.

### Stap 4: Wat ons geleer het

- Gaan aan die einde van die tema terug na die KWL-kaart.
- Vra mondelinge vrae:
  - Wat het ons hierdie week geleer?
  - Het ons uitgevind wat ons wou weet?
  - Wat wil jy volgende week uitvind?
- **Graad 2:** Skryf een of twee response op die bord.
- **Graad 3:** Help leerders om hul antwoorde op die kaart te skryf.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 45 2023/11/22 12:23

### *Duime op/Duime af-lesse (ook genoem konsepkontroleringsvrae) (slegs Graad 3)*

***Hoekom?*** *Om leerders se kennis van sleutelvaardighede/-woordeskat te verdiep; om leerders se begrip van sleutelvaardighede/-woordeskat aan die einde van 'n tema te assesseer.*

**Aktiwiteit**

- **Stap 1:** Kies drie sleutelkonsepte/-woordeskatwoorde wat met die tema verband hou. Skryf elkeen op 'n flitskaart of op die bord (*borsstuk, agterlyf, kop*).
- **Stap 2:** Hou 'n flitskaart op/wys na 'n woord en vra leerders om dit hardop te lees.
- **Stap 3:** Maak drie stellings wat met die konsep verband hou, byvoorbeeld: *Vlerke kom uit die insek se kop.*
  - Vra leerders om hul duime op te hou as die stelling waar is en duime af as dit onwaar is.
  - Herhaal vir die ander twee konsepte.

### *Eerste Addisionele Taal (slegs Graad 3)*

***Hoekom?*** *Om leerders se akademiese geletterdheid in Engels te ontwikkel.*

**Aktiwiteit**

- **Stap 1:** Hou elk van die flitskaarte op of wys na die woorde wat in *Duime op/Duime af* gebruik is.
- **Stap 2:** Vra leerders of hulle die woorde in Engels ken; help hulle om die woorde in sinne te gebruik.
- **Stap 3:** Skryf die Engelse woorde op flitskaarte of op die bord. Flitskaarte kan op die EAT-woordmuur geplaas word.
- **Stap 4:** Leerders skryf die woorde in hul persoonlike woordeboeke/woordeskatboeke langs die woord in Afrikaans.

## Differensiasie

In Lewensvaardigheid sal al die leerders die basiese inhoud en vaardighede leer deur by die program betrokke te raak. Daar is egter geleenthede vir meer bekwame leerders om meer te doen en dit behoort aangemoedig te word:

- Die KWL-aktiwiteite help om te sien wat leerders wil leer en wat hulle uitgevind het, en verskaf geleenthede vir verdere navorsing en skryfwerk.
- Die *Vind uit*-bladsye bied 'n geleentheid vir onafhanklike navorsing en mondelinge terugvoering.
- Die Onafhanklike Werk-leesbladsye sal lees uitbrei en leerders help om op kreatiewe maniere op nuwe onderwerpe te reageer.

## Assessering van AK- en PSW-lesse

### *Informele assessering*

- Neem elke week die LAB'e in om te kyk of die aktiwiteit deur elke leerder voltooi is sodat niemand agter raak nie.
- Gaan aan die einde van 'n tema die KWL-kaart na.
- Gebruik ook aan die einde van elke tema die *Duime op/Duime af*-metode as 'n vinnige manier om te bepaal of die hele klas die belangrike konsepte verstaan. Onderrig weer spesifieke konsepte, indien nodig.

### *Formele assessering*

***Hoekom?*** *Om te toets of kennis en vaardighede vorder.*

Kennis en vaardighede word twee keer per kwartaal getoets. Voorgestelde assesseringsaktiwiteite is in die FW-program geïntegreer. Hierdie aktiwiteite, asook nasienriglyne, vir elke kwartaal word in die OG verskaf.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 46 2023/11/22 12:23

## VISUELE KUNSTE



### Doel

Gedurende Visuele Kunstelesse sal leerders:

- perseptuele en fynmotoriese vaardighede en bewustheid van lyn, vorm, kleur en tekstuur ontwikkel
- kunstegnieke soos verf, teken, collage, konstruksie, ontwerp bemeester
- prosesvaardighede soos om projekte te voltooi, ontwikkel
- se kreatiwiteit en verbeelding aangewakker word en verskillende maniere ontdek om na die wêreld te kyk
- ’n waardering vir die visuele kunste ontwikkel.

### Vordering

➤ **Graad 1** Visuele Kunsteaktiwiteite word in die OG beskryf. 2D-werk fokus op die identifisering en benoeming van kleure en vorms, ontwikkeling van fynmotoriese beheer, voorstelling van voorwerpe in 2D, en die ontwikkeling van teken-, knip-, skeur-, drukwerk- en vou-vaardighede vir perseptuele ontwikkeling. 3D-werk word met klei of papier gedoen. Die aktiwiteite sluit aan by die tema en is noodsaaklik vir vroeë perseptuele ontwikkeling.

➤ **Graad 2** Visuele Kunsteaktiwiteite brei leerders se kunservaring met konsepte van ruimte, tekstuur en lyn uit. Leerders doen 2D-voorstellings in verskillende media soos potlood, kryt, verf, wasweerstand- en drukwerk met die vaardighede wat in Graad 1 aangeleer is. Leerders maak 3D-konstruksies uit klei, papier maché of afvalmateriaal.

➤ **Graad 3** Vir elke tweede week is daar ’n LAB-bladsy vir Visuele Kunste. Dit wissel tussen die onderrig van vaardighede en kunswaardering. Konsepte en woordeskat wat verband hou met die visuele kunste soos perspektief, ontwerp en patroon, word onderrig. Die kunswaarderingsbladsy in die LAB is ’n bladsy met ’n foto van ’n welbekende kunswerk. Praktiese Visuele Kunsteaktiwiteite word gewoonlik in Graad 3 oor drie lesse heen uitgevoer en sluit 2D- en 3D-konstruksies in. Sowel die proses as die produk is belangrik.

### Voorbereiding

#### *Basiese kunsmateriaal*

- Sommige skole vra leerders om hul eie klein boks met vetkryte, gom en ’n stomppuntskêr te verskaf. Maak seker dat hierdie bokse duidelik met die leerder se naam gemerk is en veilig weggebêre word.
- Baie skole koop die basiese materiaal wat leerders vir VK gebruik aan. Jy kan ook ’n onderwyserstel van materiaal saamstel wat leerders wat geen kunsmateriaal het nie, kan leen.
- Die skool behoort papier of karton te verskaf. Enige soort afvalpapier kan gebruik word. A4-papier of -karton kan in groot hoeveelhede bestel word.

#### *Addisionele kunsmateriaal*

- Versamel **afvalmateriaal** met leerders se hulp.
  - Maak skoon leë kartonbokse en polistireenbakkies in alles groottes, toiletrolletjies en verpakkingsmateriaal vir 3D-konstruksies bymekaar. Druk die bokse plat, sorteer materiaal en bêre dit netjies in geseëlde sakkies in ’n groot kartonboks.
  - Ou koerante is nuttig om lessenaars te beskerm.
  - Ou tydskrifte is nuttig vir collage.
  - Vir kartonkonstruksies sal jy sterk houtlym en maskeerband (van ’n hardewarewinkel) moet verskaf.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 47 2023/11/22 12:23

- **Verf** behoort deur die skool verskaf te word. Plakkaatverf of poeierverf is die beste vir jonger leerders. Maak dit vooraf aan in plastiekhouers.
- Kwaste moet groot en sterk wees. Verskaf een kwas vir elke kleur.
- Gooi verf vir drukwerk in vlak pierings of polistireenhouers.
- Gebruik speelklei, klei, plasticine, papier maché of modder vir demonstrasies. (Eenvoudige klei- en papier maché-resepte is aanlyn beskikbaar.)
- Ander materiaal sal vir spesifieke projekte nodig wees, byvoorbeeld: watte (bloeisels op bome), papierborde (maskers), afvalmateriaal (college), wol of tou (bewertjies), breë hangers (bewertjies), ens.

### *Uitstallings*

- Stal pragtige kunswerke in die klaskamer uit. Ou kalenders is 'n goeie bron van prente.
- Stal leerders se voltooide werk in die klaskamer uit gemerk met leerders se name.

## Metodieke

**Stap 1**

- Gaan altyd die vorige dag die kunsmateriaal na.
- Sorteer kunsmateriaal in skoenbokse, gereed vir elke groep. Dit sluit koerante in om lessenaars mee te bedek.
- Hou 'n voltooide projek gereed om vir leerders te wys, byvoorbeeld: 'n voltooide masker.

**Stap 2**

- Verduidelik die projek stap vir stap voordat hulle begin. Wys die voltooide projek.

**Stap 3**

- Indien materiaal beperk is, werk met roterende aktiwiteitstasies oor twee of meer dae, byvoorbeeld:
  - Aktiwiteitstasie 1: Teken jou troeteldier (potlood en papier).
  - Aktiwiteitstasie 2: Kleur die kat in en knip dit uit (kryte, skêr en die buitelyn van 'n kat).
  - Aktiwiteitstasie 3: Verf 'n hond wat in 'n veld hardloop (papier, verfpotjies en kwaste).
  - Aktiwiteitstasie 4: In 'n groep, maak 'n troeteldierhuis (stukke afvalkarton, maskeerband, houtlym).
- Loop in die klas rond en kyk dat almal hul bes doen.
- Laat 'n vlak van sagte geselsery toe tydens kuns.
- Gee versigtig raad en wees versigtig om nie te kritiseer nie. Wys dat jy belangstel in wat hulle teken/maak.

**Stap 4**

- Laat 5 minute voor die einde van die les toe om op te ruim.

## Differensiasie

Omdat daar 'n natuurlike variasie in leerders se vermoëns in VK sal wees, kan jy probeer om:

- kommentaar te lewer oor die gedagte en sorg wat met die maak van die kunswerk ingesit is
- op die proses en genot te fokus eerder as op die eindresultaat.

## Assessering van Visuele Kunste

### *Informele assessering*

- Kyk dat elkeen aan die les deelneem en dit geniet.
- Let op watter leerders natuurlike kunstenaars is en wie aanmoediging nodig het.

### *Formele assessering*

***Hoekom?*** *Om te kyk dat leerders in VK-vaardighede en –tegnieke vorder.*

Vaardighede word een keer per kwartaal getoets. Voorgestelde assesseringsaktiwiteite vir elke kwartaal word in die OG verskaf.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 48 2023/11/22 12:23

## UITVOERENDE KUNSTE



### Doel

Gedurende Uitvoerende Kunstelesse sal leerders:

- dans-, sing-, toneelspel- en uitvoeringstegnieke ontdek
- se kreatiwiteit en verbeelding ontwikkel
- selfvertroue en aanbiedingsvaardighede ontwikkel
- ’n waardering vir die uitvoerende kunste ontwikkel.

### Vordering

➤ **Graad 1** Leerders sing bekende liedjies, sê aksierympies op, beweeg op die maat van musiek en rolspeel bekende situasies. Hulle vertel stories oor en doen tradisionele danse. Hulle werk as ’n klas of in groepe.

➤ **Graad 2** Leerders bied liedjies, gedigte, rolspel of rympies in groepe vir die klas aan. Uitvoeringsvaardighede word aangeleer. Sing, dans en beweging is meer gestruktureerd; leerders se vaardighede word uitgebrei en leerders gebruik hul verbeelding veral vir rolspel. Hulle ontdek verskillende tipes musiek en gebruik tuisgemaakte instrumente.

➤ **Graad 3** Leerders werk as ’n klas en in groepe, bied rolspel as ’n groep aan, maar dra gedigte en praatjies individueel vir die klas voor. Hulle gaan voort om uitvoeringsvaardighede, verskillende dansvaardighede en nuwe maniere van groepsang aan te leer. Hulle leer om met ’n formele toneelformaat te werk en voer ’n toneelstuk op, soms met maskers.

### Voorbereiding

- Kry ’n klasversameling van toneelspelrekwisiete, soos ou serpe, hoede en ’n kamma-mikrofoon.
- Gebruik tuisgemaakte of weggegooide musiekinstrumente.
- Gebruik ’n luidspreker vir jou selfoon of ’n CD-speler.
- Maak seker daar is ruimte om te beweeg. Skuif tafels, gaan buitentoe of gebruik die skoolsaal.

### Metodieke

#### *Klaswerk*

- **Stap 1:** Verduidelik alle aktiwiteite voordat leerders begin of na hul groepe beweeg.
- **Stap 2:** Kry ’n teken om die aktiwiteit te stop en te begin, byvoorbeeld: ’n liedjie of noot op ’n musiekinstrument.
- **Stap 3:** Begin met ’n **opwarmingsaktiwiteit** vir die klas, byvoorbeeld: *Loop saggies soos ’n kat, loop soos ’n reus.*
- **Stap 4:** Doen die aktiwiteite. Werk saam as ’n klas om ’n gevoel van ’n gemeenskap aan te moedig. Wissel klaswerk af met werk in groot of klein groepies om samewerking aan te moedig.
- **Stap 5:** Sluit die les af met ’n **afkoelaktiwiteit**, byvoorbeeld: *Lê op jou rug en haal diep asem, beweeg stadig, skud jou arms.*

#### *Aanbiedings*

- Party aktiwiteite sal ’n aanbieding behels. Voorbereidingstyd vir groep- of individuele aanbiedings is net so belangrik soos die aanbieding self. Maak seker dat leerders hierdie tyd geniet en prosesvaardighede aanleer.
- Onderrig uitdruklik enige vaardighede wat nie natuurlik aangeleer word nie, soos om selfversekerd te staan, oogkontak te maak, jou stem te projekteer, na die gehoor te kyk, ’n aanbieding bekend te stel, ens.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 49 2023/11/22 12:23

**Let wel:**

- Gebruik die OG en oefen alle aspekte van die uitvoerende kunste in die kwartaal: **sang**, **dans**, **beweging**, **dramatisering**, **storievertelling**, **resitering**, **aanbiedings**.
- Sluit leerders se eie ervaringe, emosies, sintuie en waarnemings in, waar moontlik.
- Gebruik **kreatiewe speletjies** om nuwe vaardighede te onderrig en te oefen, byvoorbeeld: speel kat en muis; voer 'n deel van 'n storie op en laat die ander raai watter deel dit is; speel stomstreke, ens.
- Gebruik **improvisasie** om kreatiwiteit en innovering aan te moedig, byvoorbeeld: wys hoe jy voel deur slegs jou gesig/liggaam te gebruik; rolspeel 'n snaakse situasie, ens.
- In groepe, dramatiseer of vertel stories oor uit Hardoplees of Gedeelde Lees.
- Doen spreekkoor in groepe en brei koorsang met rondes of dele uit.
- Gebruik leerders se konteks en kulturele agtergrond om aktiwiteite meer bekend en relevant te maak.

## Differensiasie

- Leerders wat skaam is, sal dit behulpsaam vind om as 'n klas of in pare of groepe te werk vir uitvoerings.
- Dit mag 'n geleentheid wees om leerders te prys wat nie in akademiese werk uitblink nie.
- Fokus meer op die proses, genot en die bou van selfvertroue as op die eindresultaat.

## Assessering van Uitvoerende Kunste

### *Informele assessering*

- Kyk dat almal deelneem en die les geniet.
- Let op watter leerders natuurlike, selfversekerende vertoonkunstenaars is, en wie aanmoediging nodig het om dit te bereik.

### *Formele assessering*

***Hoekom?*** *Om te kyk of leerders in UK-vaardighede vorder en meer selfvertroue kry.*

Vaardighede word een keer per kwartaal getoets. Voorgestelde assesseringsaktiwiteite is in die FW-program geïntegreer en vir elke kwartaal word in die OG verskaf.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 50 2023/11/22 12:23

# LIGGAAMSOPVOEDING



## Doel

Gedurende Liggaamsopvoedinglesse sal leerders:

- se groot- en fynmotoriese vaardighede en perseptuele beweging ontwikkel
- se fisieke vaardighede soos koördinasie, ritme, lateraliteit, balans ontwikkel
- spel, beweging, speletjies en sport gebruik om by te dra tot positiewe houdings en spanwerk
- se basis vir sportdeelname gevorm word
- se holistiese (sosiale, persoonlike en emosionele) ontwikkel
- 'n positiewe liggaamsbeeld ontwikkel.

## Vordering

➤ **Graad 1** Gebruik kort fisieke aktiwiteite as 'n pouse tussen lesse, byvoorbeeld: Speel *Simon sê* ... of doen 'n klap-/stampritme. Laat leerders in vier groot groepe in aktiwiteitstasies werk. Al die fisieke vaardighede in die kurrikulum word gedek.

➤ **Graad 2** Leerders werk in vier groot groepe in aktiwiteitstasies. Al die fisieke vaardighede in die kurrikulum word gedek.

➤ **Graad 3** Leerders werk in vier groot groepe in aktiwiteitstasies. Al die fisieke vaardighede in die kurrikulum word gedek.

## Voorbereiding

Leerders moet fisieke aktiwiteite doen. Moenie LO afskeep nie; selfs al het jy nie die apparaat daarvoor nie. LO kan as 'n klas of in groepe gedoen word, binne of buite.

**Stap 1:** Berei 'n maklike **opwarmingsaktiwiteit** voor, vóór enige fisieke aktiwiteit gedoen word om te verseker dat leerders nie hul spiere verrek nie.

- Hardloop op tone soos feetjies/stamp soos 'n reus/gly soos 'n swaan.
- Loop sywaarts/draai links/draai regs/hurk/spring op.

**Stap 2:** Berei 'n **afkoelaktiwiteit** vir ná die tyd voor, byvoorbeeld:

- Haal diep asem.
- Strek verskillende liggaamsdele terwyl leerders staan of sit.
- Trek spiere saam en ontspan – begin by die tone tot by die kop.

**Stap 3:** Berei **LO-aktiwiteite vir die hele klas of groepe** voor:

- Hele klas: speletjies (*standbeelde, kat-en-muis, vang-vang, ens.*) en sport (*resies, sokker, netbal, ens.)*
- Groepe: Stel vier aktiwiteitstasies op. Dit kan in die vier hoeke van die speelterrein, die skoolsaal of die sportveld wees. By elke stasie vind 'n ander aktiwiteit plaas. Teen die einde van die week behoort elke groep al vier aktiwiteite te voltooi het. So word die minimuum apparaat die beste benut, en word verseker dat leerders leer om in groepe te werk en dat elke leerder 'n beurt kry.

**Let wel:**

- Met **buitelugaktiwiteite**, indien die weer warm is, moet leerders aangemoedig word om hoede te dra, sonskerm aan te smeer en gereeld water te drink. Gebruik eerder skaduryke plekke.
- Berei voor vir 'n paar **binnenshuise aktiwiteite** wat leerders sou kon doen as die weer onguur is, soos *Doen dit, doen dat; Simon sê* ...
- Gee leerders kans om water te drink en hul hande te was voordat hulle weer met ander werk begin.



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 51 2023/11/22 12:23

- Maak 'n kartonboks vir **LO-apparaat**, soos ou tennisballe, 'n groot sokkerbal, springtou, boontjiesakkes, ens. Sommige LO-apparaat kan tuis gemaak word uit afvalmateriaal, byvoorbeeld: boontjiesakkies van afvallappies gevul met sand of sagte balle gemaak uit plastieksakke.
- Gebruik buite wat tot julle beskikking is (klimraam, bome, bankies). Kry ou bande en klimtoue.
- Hou 'n sportfluitjie gereed vir buitelugaktiwiteite sodat jy leerders kan roep.

## Metodieke: Aktiwiteitstasies

### *Beplanning*

- Lees die FW-lys van moontlike aktiwiteite vir die week.
- Kies **vier verskillende aktiwiteite** vir die week.
- Berei die apparaat vir elk van die vier aktiwiteite voor. Improviseer of verander die voorgestelde aktiwiteite, indien daar 'n tekort aan apparaat is.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

### *Maandag*

- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Demonstreer elke aktiwiteit self of vra 'n leerder met selfvertroue.
- Ken 'n aktiwiteitstasie aan elke groep toe.
- Gebruik enige addisionele tyd om as 'n klas 'n speletjie te speel.


### *Dinsdag-Vrydag*

#### Klassikale opwarming (2–5 min.)

- Doen 'n eenvoudige aktiwiteit met die hele klas om op te warm.

#### Aktiwiteitstasies (20 min.)

- Elke groep gaan na een stasie toe.
- Op daaropvolgende dae, roteer die groepe deur die aktiwiteitstasies en doen een aktiwiteit per dag.
- Beweeg van groep tot groep, neem waar en ondersteun. Bestee ongeveer 5 minute met elke groep.




#### Afkoeling (5 min.)

- Doen 'n eenvoudige aktiwiteit om af te koel.

## Differensiasie

In LO sal leerders se natuurlike vermoëns verskil. Moedig leerders aan om mekaar te help eerder as om te kompeterend te wees.

## Assessering van Liggaamsopvoeding

### *Informele assessering*

Kyk in elke groep dat leerders nie geterg of geïgnoreer word nie.

### *Formele assessering*

***Hoekom?*** *Om te kyk of leerders se fisieke vaardighede vorder.*


Vaardighede word een keer per kwartaal getoets. Voorgestelde assesseringsaktiwiteite vir elke kwartaal word in die OG verskaf.




3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 52 2023/11/22 12:23

**Prentkaarte**


a




e




i












o



u





**Prentkaarte**


| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| b |  |  |  |  |  |  |
| d |  |  |  |  |  |  |
| g |  |  |  |  |  |  |
| h |  |  |  |  |  |  |
| j |  |  |  |  |  |  |


3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 56 2023/11/22 12:23


Prentkaarte

k 

l 

m 

p 

r 

3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 58 2023/11/22 12:23


## Prentkaarte

s

t

v

w



3950_FW Gr1-3 Afrikaans MG_V1_5th pp.indd 60 2023/11/22 12:23